## DEPARTEMENT VAN WETENSKAP EN TEGNOLOGIE

**NO. 453** **20 APRIL 2016**

# KENNISGEWING VAN VOORNEME OM REGULASIES VIR DIE BESKERMING VAN DIE KAROO SENTRALE ASTRONOMIEVOORDEELGEBIEDE TE MAAK KRAGTENS DIE WET OP GEOGRAFIESE ASTRONOMIEVOORDEEL, 2007, EN VERLENGING VAN DIE TYDPERK VIR GESKREWE VERTOë.

Ek, Grace Naledi Mandisa Pandor, Minister van Wetenskap en Tegnologie het, kragtens artikels 22, 23, 42, 50 en 51 van die "Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 (Act Nr. 21 of 2007)" (hierna hierin na verwys as "die Wet"), op 23 November 2015, voorgestelde Regulasies vir die Beskerming van die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede in Staatskoerant Nr. 39442, onder Kennisgewing Nr. 1166, gepubliseer (hierna hierin na verwys as "die voorgestelde Regulasies"). Die tydperk toegelaat vir die indiening van geskrewe vertoë op of besware teen die voorgestelde Regulasies, was sestig (60) dae vanaf die datum waarop die kennisgewing gepubliseer is.

Op 11 Desember 2015, het ek in Staatskoerant Nr. 39505, onder Kennisgewing Nr. 1229, 'n kennisgewing gepubliseer om die tydperk vir die indiening van geskrewe vertoë of besware op die voorgestelde Regulasies met 'n verdere dertig (30) dae te verleng. Die verlengde tydperk het op 22 Februarie 2016 verstryk.

Weens 'n mate van verwarring onder die publiek betreffende 'n soortgelyke proses wat deur die Minister van Omgewingsake onderneem word en met die oogmerk om die openbare deelname met betrekking tot die voorgestelde Regulasies aan te moedig, voorsien ek hiermee 'n verdere geleentheid vir die indiening van geskrewe vertoë op of besware oor die voorgestelde Regulasies en word die tydperk vir geskrewe vertoë of besware aldus met 'n bykomende sestig (60) dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing, verleng.

Ek vervang hiermee ook die Bylae A aan Skedule A en Skedule D aan Kennisgewing nommer 1166 wat op 23 November 2015 in Staatskoerant 39442 gepubliseer is, met die gewysigde Bylae A aan Skedule A en Skedule D wat by hierdie Kennisgewing aangeheg is. Daar is geen ander veranderinge aan Skedule A en Skedule D nie. Skedule B en Skedule C aan Kennisgewing nommer 1166 is ook vir maklike verwysing aan hierdie Kennisgewing aangeheg. Daar is ook geen veranderinge aan Skedule B en Skedule C nie.

Geskrewe vertoë wat alreeds in reaksie op Kennisgewing nommers 1166 en 1229, hierbo na verwys, gemaak is, sal in oorweging geneem word.

Belanghebbende en geaffekteerde persone en lede van die publiek, wie alreeds geskrewe vertoë of besware gemaak het, mag, indien dit hulle wens is, bykomende geskrewe vertoë of besware binne die sestig (60) dae tydperk na die datum van die publikasie van hierdie Kennisgewing indien.

Ek gee ook hiermee kennis dat verdere werkwinkels gehou sal word om enige bekommernisse betreffende die voorgestelde Regulasies aan te spreek en om ondersteuning te verleen aan lede van gemeenskappe binne die Karoo Sentrale



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

Astronomievoordeelgebiede wat ondersteuning mag benodig om geskrewe vertoë op of besware teen die voorgestelde Regulasies te maak.

Lede van die publiek, insluitende belanghebbende en geaffekteerde partye, word uitgenooi om die werkwinkels by te woon, wat soos volg gehou sal word:

| Datum | Plek | Tyd |
|---|---|---|
| 16 Mei 2016 | Brandvlei Gemeenskapsaal | 17H00 tot 21H00 |
| 17 Mei 2016 | Vanwyksvlei Gemeenskapsaal | 17H00 tot 21H00 |
| 18 Mei 2016 | Carnarvon SASSA Saal | 17H00 tot 21H00 |
| 19 Mei 2016 | Williston Combination Skoolsaal | 17H00 tot 21H00 |

Al die dokumente na verwys in hierdie Kennisgewing is op die Departement van Wetenskap en Tegnologie se webwerf beskikbaar (www.dst.gov.za) (onder "ENTITIES", dan "ASTRONOMY MANAGEMENT AUTHORITY (AMA)" en dan "NOTICES"). Die dokumente is ook aan geregistreerde belanghebbende en geaffekteerde partye met geregistreerde pos in November 2015 versprei en is beskikbaar gestel by die munisipale kantore in Carnarvon, Fraserburg, Kenhardt, Keimoes, Loxton, Upington, Vanwyksvlei, Victoria Wes en Williston during Januarie 2016.

Navrae in verband met die Kennisgewing kan gerig word aan:

Mnr. Mere Kgampe
Dept. van Wetenskap en Tegnologie
Gebou 53, WNNR Kampus
Meiring Naude-weg
Brummeria
Pretoria
0184

OF

Dept. van Wetenskap en Tegnologie
Privaatsak X894
Pretoria
0001

Of

E-pos adres mere.kgampe@dst.gov.za
Telefoonnommer 012 843 6644

**MEV GNM PANDOR, LP**
**MINISTER VAN WETENSKAP EN TEGNOLOGIE**



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## SKEDULE A

## REGULASIES OM DIE GEBRUIK VAN SEKERE RADIOFREKWENSIESPEKTRUM EN SEKERE AKTIWITEITE IN DIE KAROO SENTRALE ASTRONOMIEVOORDEELGEBIEDE VERKLAAR VIR RADIOASTRONOMIE DOELEINDES TE VERBIED EN TE BEPERK.

### INDELING VAN DIE REGULASIES

1. Woordomskrywings ........................................ 2
2. Toepassing van die regulasies ........................................ 6
3. Verbod en Beperkinge op die gebruik van radiofrekwensiespektrum vanaf 100 MHz tot 25.5 GHz ........................................ 6
4. Voorwaardes vir die gebruik van radiofrekwensiespektrum vanaf 100 MHz tot 25.5 GHz ........................................ 8
5. Voorwaardes op konstruksie, opgradering, uitbreiding of gebruik van radiostasies of radio-apparaat ........................................ 8
6. Vrygestelde radioapparaat ........................................ 10
7. Ligging van die SKA Virtuele Middelpunt en beskermingsgange ........................................ 12
8. Finansiële vergoeding ........................................ 12
9. Misdrywe en strawwe ........................................ 12
10. Kort titel en inwerkingtreding ........................................ 12

Bylae A: Kaart van die beskermingsgange wat die SKA radio-astronomie-stasies binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1 insluit
13

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**1. Woordomskrywings**

In hierdie regulasies, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken–

**"beskermingsgange"** stroke land, naasliggend aan 'n radio astronomiese spiraalarms konfigurasie, waar binne SKA-stasies in die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1 geplaas sal word, met 'n wydte van 5 km aan weerskante van elke spiraalarm soos uitgebeeld en omskryf in Bylae A;

**"dBm"** die radiofrekwensie kragvlak uitgedruk in desibels met verwysing na een milliwatt;

**"effektiewe uitgestraalde krag"** die produk van die radiofrekwensiekrag aan die antenna gelewer en die antennewins, relatief tot ŉ half golflengte dipool, in die betrokke rigting;

**"Karoo kernastronomievoordeelgebied"** die Karoo Kernastronomie-voordeelgebied verklaar op 20 Augustus 2010 in Kennisgewing No. 723 in Staatskoerant No. 33462;

**"Karoo sentrale astronomievoordeelgebiede"** die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede verklaar op 12 Maart 2014 in Kennisgewing No. 198 in Staatskoerant No. 37434;

**"lisensie vrygestelde operateur"** ŉ persoon wat ŉ diens verskaf ingevolge die vrystelling deur OKOSA toegestaan kragtens artikel 6 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie of radiofrekwensiespektrum gebruik wat vrygestel is van die vereiste vir ŉ radiofrekwensiespektrum lisensie in gevolge artikel 31(6) van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en regulasies daarkragtens gemaak;

**"lisensiehouer"** soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet No. 36 van 2005) 'n persoon aan wie 'n lisensie uitgereik is om dienste te verskaf kragtens Hoofstuk 3 of die radiofrekwensiespektrum gebruik kragtens Hoofstuk 5 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie,

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

2005;

**"medebestuursentiteit"** ŉ staatsorgaan, ŉ plaaslike gemeenskap, ŉ individu of ŉ ander party met wie die betrokke bestuursgesag ŉ medebestuursooreenkoms aangegaan het kragtens artikel 18 van die Wet;

**"noodsaaklike diens"** ŉ radiokommunikasiediens gebruik in 'n sentrale astronomievoordeelgebied wat as 'n noodsaaklike diens geklassifiseer is kragtens die kriteria en prosedures voorgeskryf in regulasie 7 van die Regulasies oor Administratiewe Aangeleenthede vir die sentrale astronomievoordeelgebiede verklaar vir radio-astronomie, 2015;

**“radio-apparaat”** ŉ elektroniese kommunikasie fasiliteit wat in staat is om enige sein deur middel van radio te ontvang of te versend;

**"Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies"** die regulasies gemaak om die beskermingsvlakke vir radio-astronomie waarnemings in die gebiede wat as astronomievoordeelgebiede vir radioastronomie doeleindes verklaar is, te bepaal en wat op 10 Februarie 2012 in Kennisgewing No. R.90 in Staatskoerant No. 35007 gepubliseer is;

**"radioastronomie stasie"** een of meer ontvangstelsels by ŉ plek, insluitend die bybehorende toerusting, vir die ontvangs van radiogolwe van kosmiese oorsprong vir die doeleindes van radioastronomie;

**“Radiofrekwensiespektrum Regulasies 2015”** die regulasies deur OKOSA gemaak wat op 30 Maart 2015 in Kennisgewing No. 279 van 2015, in Staatskoerant No. 38641 gepubliseer is;

**“radiofrekwensiesteuring”** die nadelige effek van radioseine ontvang wat die beskermingsvlakke in die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, voorgeskryf vir meer as 5% van die tyd oor 'n tydperk van 24 uur oorskry;

**"radiokommunikasie"** die uitstraling, uitsending of ontvangs van

inligting, insluitend, sonder beperking, stem, klank, data, teks, video, animasie, visuele beelde, bewegende beelde en prente, seine of ’n kombinasie daarvan deurmiddel van radio of ander elektromagnetiese golwe sonder die hulp van ’n tasbare geleier;

**"radio stasie"** soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005, een of meer senders of ontvangers of 'n kombinasie van senders en ontvangers, insluitend die bybehorende toerusting, wat op een plek nodig is vir die uitvoering van elektroniese kommunikasie, ’n uitsaaidiens of enige elektroniese kommunikasie wat deur OKOSA gemagtig is, en enige radio-apparaat wat op 'n spesifieke geografiese ligging gebruik word,

**"Regulasies oor Administratiewe Aangeleenthede vir sentrale astronomievoordeelgebiede verklaar vir radio-astronomie, 2015"** die regulasies soos gepubliseer op xxxx in Kennisgewing No. xxx van xxx in Staatskoerant No. xxx;

**“Regulasies oor Finansiële Kompensasie Prosedures vir sentrale astronomievoordeelgebiede, 2015”** die regulasies soos gepubliseer op xxxx in Kennisgewing No. xxx in Staatskoerant No. xxx;

**“SKA”** die Square Kilometre Array-radioteleskoop bestaande uit 'n opset van radio-astronomie stasies om in die Republiek van Suid-Afrika en in deelnemende Afrika-lande geplaas te word volgens die besluit van die SKA-organisasie, 'n private maatskappy (beperk deur garansie) opgeneem in die Verenigde Koninkryk;

**“SKA Virtuele Middelpunt”** die geografiese punt by die geografiese koördinate 30.71292 grade Suid en 21.44380 grade Oos wat verband hou met die SKA-opstelling van radioastronomie stasies binne die Karoo Astronomievoordeelgebiede en wat as die middelste Waardebepalings Verwysingspunt voorgeskryf is vir die toepassing van beskermingsvlakke soos in die Radioastronomie Beskermingsvlakke Regulasies bepaal;

**"versadigingsvlak"** ’n kragvlak van (minus) -100 dBm, of hoër, ontvang

vir ’n radiofrekwensie steuringsein waarby die versadigingsverskynsel voorkom by ’n radio-astronomie stasie of by ’n gespesifiseerde waardebepaling verwysingspunt of -punte of binne 'n bepaalde gebied;

**“waardebepaling verwysingspunt”** die SKA Virtuele Middelpunt of ander geografiese ligging of punt gedefinieer in terme van hierdie regulasies, wat gebruik word as die waardebepalingspunt vir die toepassing van die toepaslike beskermingsmaatreëls soos voorgeskryf in hierdie regulasies; en

**"Wet"** die Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 (Act No. 21 of 2007).

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**2. Toepassing van die regulasies**

(1) Die regulasies is van toepassing op die betrokke Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede wat verband hou met die frekwensiespektrum in die Kennisgewing gespesifiseer waarin die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede verklaar is.

(2) Indien daar verskille tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes van hierdie regulasies is, sal die Engelse weergawe voorrang geniet.

**3. Verbod en Beperkinge op die gebruik van radiofrekwensiespektrum vanaf 100 MHz tot 25.5 GHz**

(1) Een (1) jaar nadat hierdie regulasies in werking gestel is, mag geen lisensiehouer of lisensie-vrygestelde operateur of enige ander persoon die radiofrekwensiespektrum vanaf 100 MHz tot 25.5 GHz vir uitsendings binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede gebruik nie, tensy –

(a) die gebruik benodig word vir die doeleindes van radioastronomie en verwante wetenskaplike ondernemings as sodanig verklaar kragtens artikel 28(1) van die Wet; of

(b) die gebruik van die spesifieke spektrum binne die beperkte spektrum van die verbod vrygestel is kragtens die betrokke voorskrifte in die Regulasies op Administratiewe Aangeleenthede vir sentrale astronomievoordeelgebiede verklaar vir radioastronomie, 2015; of

(c) die spektrumgebruik ingevolge regulasie 6 van hierdie regulasies vrygestel is; en

(d) in die geval van paragraaf 3(1)(b), dat die betrokke bestuursgesag ŉ permit kragtens regulasie 4 van die Regulasies op Administratiewe Aangeleenthede vir sentrale astronomievoordeelgebiede verklaar vir radioastronomie, 2015, aan daardie persoon uitgereik het in verband met die gebruik van daardie spektrum.

(2) (a) Die verbod in subregulasie 3(1) is nie van toepassing nie op die gebruik van radiofrekwensiespektrum vanaf 100 MHz tot 200MHz wat wettiglik in gebruik was onmiddellik voor die

uitvaardiging van hierdie regulasies;

(b) Nogtans, mag enige lisensiehouer of vrygestelde operateur wat enige van die radiofrekwensiespektrum waarna in 3(2)(a) verwys is en dit binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede gebruik, dit net doen indien die betrokke bestuursgesag ŉ permit kragtens sub-regulasie 3(1)(d) aan daardie persoon uitgereik het met betrekking tot die gebruik van daardie spektrum.

(3) Een (1) jaar vanaf die datum waarop hierdie regulasies in werking tree, mag geen televisie uitsaaidienslisensiehouer of uitsaaiseinverspreidingslisensiehouer 'n televisie-uitsaaidiens in analoog formaat oor ŉ terrestriële sendstasie binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede geleë, uitsend nie.

(4) Een (1) jaar vanaf die datum waarop hierdie regulasies in werking tree, mag geen lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur of enige persoon in enige radiokommunikasie met die gebruik van die radiofrekwensiespektrum van 100 MHz te 25,5 GHz binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede betrokke wees nie, tensy -

(a) die aktiwiteit nodig is vir die doeleindes van radioastronomie en verwante wetenskaplike ondernemings as sodanig verklaar kragtens artikel 28(1) van die Wet;

(b) die aktiwiteit vrygestel is van die besit van 'n permit in terme van regulasie 6; of

(c) moontlike radiofrekwensiesteuring in oorweging geneem is en gehanteer is deur die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit tydens die oorweging van die lisensiehouer of lisensie-vrygestelde operateur se aansoek vir ŉ permit kragtens die Regulasies op Administratiewe Aangeleenthede vir sentrale astronomievoordeelgebiede verklaar vir radioastronomie, 2015.

(5) Enige beoogde toepassing van subregulasie (4) moet voldoen aan regulasie 4 van hierdie regulasies.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## 4. Voorwaardes vir die gebruik van radiofrekwensiespektrum vanaf 100 MHz tot 25.5 GHz

(1) Een (1) jaar nadat hierdie regulasies in werking gestel is, mag geen lisensiehouer of lisensie-vrygestelde operateur of enige persoon die radiofrekwensiespektrum vanaf 100 MHz tot 25.5 GHz gebruik en betrokke wees in radiokommunikasie binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede nie, tensy die gebruik en uitsendingsaktiwiteite aan die volgende voorwaardes voldoen –

(a) effektiewe uitgestraalde krag oorskry nie 40 dBm nie;

(b) die versadigingsvlak word nie binne die beskermingsgange in die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede, soos in Bylae A omskryf, of binne 'n radius van 20km vanaf die SKA Virtuele Middelpunt, oorskry nie; en

(c) die beskermingsvlakke in die Radioastronomie Beskermingsvlakke Regulasies bepaal, soos by die SKA Virtuele Middelpunt toegepas, word nie oorskry nie, tensy die gebruik of aktiwiteit vir ŉ noodsaaklike diens is waarvoor ŉ spesifieke steuringsvlak groter as die voorgeskrewe beskermingsvlak gespesifiseer is in die permit uitgereik kragtens regulasie 4 in die Regulasies op Administratiewe Aangeleenthede vir sentrale astronomievoordeelgebiede verklaar vir radioastronomie, 2015, aan die persoon wat die spektrum gebruik of die aktiwiteit uitvoer.

(2) Sub-regulasie 4(1) is ook van toepassing op die oprigting, opgradering, uitbreiding of gebruik van enige radiostasie soos beoog in regulasie 5 en volgens ŉ permit wat in die verband uitgereik is.

(3) Sub-regulasie 4(1), behalwe vir sub-regulasie 4(1)(b) is nie van toepassing op enige lisensiehouer of lisensie-vrygestelde operateur wat onmiddellik voor die uitvaardiging van hierdie regulasies toegelaat was om wettiglik die radiofrekwensie spektrum tussen 100 MHz en 200 MHz te gebruik nie.

## 5. Voorwaardes op konstruksie, opgradering, uitbreiding of gebruik van radiostasies of radio-apparaat

(1) Vanaf die datum wanneer hierdie regulasies in werking tree, en tensy

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

dit nodig is vir die doeleindes van radio-astronomie en verwante wetenskaplike ondernemings, mag geen lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur of enige ander persoon enige radiostasie in die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede bou, opgradeer of uitbrei nie wat die radiofrekwensiespektrum vanaf 100 MHz tot 25,5 GHz gebruik nie, tensy die betrokke persoon vir 'n permit aansoek gedoen het, en dit toegestaan is vir sodanige opgradering of uitbreiding deur die betrokke bestuursgesag kragtens regulasie 4 in die Regulasies op Administratiewe Aangeleenthede vir sentrale astronomievoordeelgebiede verklaar vir radioastronomie, 2015.

(2) Een (1) jaar vanaf die datum waarop hierdie regulasies in werking tree, mag geen lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur of enige persoon enige radiostasie of enige radioapparaat of enige toestel binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede gebruik nie wat radiofrekwensiesteuring veroorsaak by die SKA Virtuele Middelpunt of versadigingsvlak radiofrekwensiesteuring binne die beskermingsgange in die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede, soos omskryf in Bylae A, of binne 20 km vanaf die SKA Virtuele Middelpunt veroorsaak.

(3) Voldoeningsbepaling moet deur die lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur uitgevoer word voor die uitreiking van enige permit kragtens regulasie 4 in die Regulasies op Administratiewe Aangeleenthede vir sentrale astronomievoordeelgebiede verklaar vir radioastronomie, 2015, en moet die volgende aspekte insluit tot die mate waartoe hulle van toepassing is –

(a) Die bepaling van die radiofrekwensiesteuringsvlak by die SKA Virtuele Middelpunt en die versadigingsvlak radiofrekwensiesteuring binne die beskermingsgange in die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede, soos omskryf in Bylae A, of binne 20 km vanaf die SKA Virtuele Middelpunt;

(b) Die bepaling van radiofrekwensiesteuring na verwys in subregulasie 5(3)(a) moet eerstens op die basis (vaste) radiostasies of radio-apparaat of toestelle by 'n vaste

geografiese ligging geplaas, uitgevoer word;

(c) Indien radiofrekwensiesteuring of versadigingsvlak steuring ook veroorsaak mag word deur mobiele of draagbare radiostasies of radio-apparaat wat in verband met die basis stasie of radio-apparaat by 'n vaste ligging gebruik word, moet die bepaling van radiofrekwensiesteuringsvlakke ook met betrekking tot die mobiele of draagbare radio-apparaat uitgevoer word; en

(d) Die bepaling en waardebepaling van radiofrekwensiesteuring mag ook van toepassing wees op enige radio-apparaat waarvoor radiofrekwensiespektrum lisensie vrystellings deur OKOSA voorgeskryf is in Deel III, regulasie (4) van die Radiofrekwensiespektrum Regulasies 2015 wat 'n uitgestraalde kragvlak van groter as 250 milliwatt het.

(4) Bykomende voorwaardes, wat beperkinge op die geografiese area waarin die mobiele of draagbare radiostasies gebruik mag word, of enige ander metode wat die steuring tot die beskermingsvlak sal beperk, mag insluit, sal voorgeskryf word vir enige permit wat reeds uitgereik is, in die geval dat –

(a) Mobiele of draagbare radiostasies wat saam met 'n basis stasie waarvoor 'n permit reeds uitgereik is, gebruik word, radiofrekwensiesteuring by die SKA Virtuele Middelpunt veroorsaak; of

(b) Daar versadigingsvlak radiofrekwensiesteuring bestaan binne die beskermingsgange in die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede, soos omskryf in Bylae A, of binne 20 km vanaf die SKA Virtuele Middelpunt.

**6. Vrygestelde radioapparaat**

(1) Radio apparaat, waarvoor radiofrekwensiespektrumlisensie vrystellings deur OKOSA in Deel III, regulasie (4) van die Radiofrekwensiespektrum Regulasies 2015 voorgeskryf is, word vrygestel van die vereiste vir die besit van 'n permit in hierdie regulasies voorgeskryf is, onderworpe daaraan dat –

(a) Radioapparaat wat 'n uitgestraalde kragvlak van meer as 250

milliwatt produseer, van die vrystelling uitgesluit is;

(b) Radiofrekwensiesteuring van meer as die relevante beskermingsvlak soos in die Radio-Astronomie Beskermingsvlakke Regulasies voorgeskryf, nie by die SKA Virtuele Middelpunt of versadigingsvlak steuring nie binne die beskermingsgange of binne 'n 20 km radius vanaf die SKA Virtuele Middelpunt veroorsaak word nie; en

(c) Die vrygestelde radio-apparaat word slegs gebruik soos deur OKOSA voorgeskryf en nie wanneer hulle transmissie eienskappe versterk word of verskeie eenhede in netwerke gekoppel word nie.

(2) Indien enige van die radio-apparaat in sub-regulasie 6 (1) oorweeg, radiofrekwensiesteuring veroorsaak, sal die gebruik van sulke apparaat onderhewig wees aan die toepassing van beskermingsmaatreëls deurdat–

(a) die Minister kern astronomievoordeelgebiede verklaar waarbinne al die vrygestelde radioapparaat nie gebruik mag word nie; of

(b) die betrokke bestuursowerheid voorwaardes in 'n permit bepaal vir die gebruik van daardie kategorie van radio-apparaat.

(3) Die toestaan of wysiging van 'n permit, in subregulasie 6(2)(b) beoog, sal onderworpe wees aan die voorwaardes en kriteria voorgeskryf in die Regulasies oor Administratiewe Aangeleenthede, vir sentrale astronomievoordeelgebiede verklaar vir radio-astronomie, 2015.

(4) Die radioapparaat waarvoor vrystellings vir radiofrekwensiespektrumlisensies deur OKOSA voorgeskryf is in Deel III, regulasie (4) van die Radiofrekwensiespektrum Regulasies 2015 behoort nie in werking te wees of gebruik te word binne 50 km van die SKA Virtuele Middelpunt nie.

**7. Ligging van die SKA Virtuele Middelpunt en beskermingsgange**

(1) Die ligging van die SKA Virtuele Middelpunt is onderhewig aan hersiening en finalisering binne 12 maande van die uitvaardiging van hierdie regulasies.

(2) Die beskermingsgange in die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1 is onderhewig aan jaarlikse hersiening in ooreenstemming met vordering in die ontwikkeling van die SKA met die doel om die gange uit te faseer en om slegs die beskerming van die radio-astronomie stasies binne die gange geleë, te vereis.

**8. Finansiële vergoeding**

Enige finansiële vergoeding wat beoog word kragtens artikel 23(3)(a) van die Wet in verband met 'n beperking op radiokommunikasie uitsendings wat wettig uitgevoer is binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede voordat hierdie regulasies uitgevaardig is, sal onderworpe wees aan die Regulasies op Finansiële Kompensasie Prosedures 2015 vir sentrale astronomievoordeelgebiede, 2015.

**9. Misdrywe en strawwe**

Enige persoon wat hierdie regulasies oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 000 (een miljoen rand) of gevangenisstraf of beide 'n boete en gevangenisstraf.

**10. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie regulasies heet die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede Spektrum Regulasies, 2015 wat op 'n datum in werking sal tree om deur die Minister bepaal te word met 'n kennisgewing in die Staatskoerant.


This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## BYLAE A

### Kaart van die Beskermingsgange waarin die SKA Radio-astronomie Stasies binne Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1 geleë is

Die kaart hieronder beeld die 20-kilometer straal sirkel rondom die SKA Virtuele Sentrum uit, waarbinne ongeveer 173 SKA radio-astronomie stasies geplaas sal word. Die kaart toon ook drie beskermingsgange wat nodig is vir ongeveer 24 SKA radio-astronomie stasies binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede 1 geleë. Die beskermingsgange word benodig vir die SKA-opset ontwikkelingsproses met die verloop van tyd.

ʼn Kleiner skaal weergawe van die kaart hieronder en / of 'n GIS-vorm lêer is op versoek beskikbaar van die bestuursgesag of mede-bestuursentiteit. Die buitegrense van die gange is op ʼn afstand van 5 km aan weerskante van die spiraal arms waarlangs die SKA-stasies geplaas sal word.



## SKEDULE B

## REGULASIES OOR ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE VIR SENTRALE ASTRONOMIEVOORDEELGEBIEDE VERKLAAR VIR RADIOASTRONOMIE DOELEINDES

## INDELING VAN DIE REGULASIES

1. Woordomskrywings ........................................................................................ 2

2. Toepassing van die regulasies .................................................................... 6

3. Vrystelling van verbod of beperkings op gebruik van radiofrekwensiespektrum .. 6

4. Vereiste vir ’n permit en voldoeningsbepaling ........................................... 7

5. Evaluering van voldoeningsverslae en die aansoek vir permit ........................... 10

6. Tegniese standaarde vir die bepaling van radiofrekwensie steuringsvlakke ...... 14

7. Kriteria, prosedures en voorwaardes van toepassing op ’n noodsaaklike diens. 16

8. Kriteria vir persoon wat die voldoeningsbepaling uitvoer ................................... 18

9. Permitregister ........................................................................................ 19

10. Misdrywe en strawwe ............................................................................ 19

11. Kort titel en inwerkingtreding ................................................................ 19

BYLAE A: Raamwerk vir die voldoeningbepalingsverslag ........................................ 20

BYLAE B: Raamwerk vir 'n permit ............................................................ 23

**1. Woordomskrywings**

In hierdie regulasies, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken–

**“beperkte radiofrekwensiespektrum”** die radiofrekwensiespektrum waarvan die gebruik deur die Minister kragtens artikel 22 van die Wet verbied of beperk is;

**“bevoegde persoon”** ʼn persoon wat aan elkeen van die vereistes voldoen wat in regulasie 8 van hierdie regulasies voorgeskryf is;

**"dBm"** die radiofrekwensie kragpeil uitgedruk in desibels met verwysing na een milliwatt;

**"effektiewe uitgestraalde krag"** die produk van die krag aan die antenna gelewer en die antennewins, relatief tot ʼn half golflengte dipool, in die betrokke rigting;

**"geaffekteerde persoon"** ʼn persoon wat –

(a) wettiglik ʼn aktiwiteit in ʼn sentrale astronomievoordeelgebied uitgevoer het voor die beperking van daardie aktiwiteit deur middel van regulasies wat deur die Minister kragtens artikel 23 van die Wet gemaak is; en

(b) kragtens artikel 23(3)(a) van die Wet deur die Minister vereis word om daardie aktiwiteit te staak of om aan voorwaardes wat kragtens artikel 23(3)(b) van die Wet voorgeskryf is, te voldoen;

**"ITU"** die International Telecommunication Union;

**"lisensie vrygestelde operateur"** ʼn persoon wat ʼn diens verskaf ingevolge die vrystelling deur OKOSA toegestaan kragtens artikel 6 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 of radiofrekwensiespektrum gebruik wat vrygestel is van die vereiste vir ʼn radiofrekwensiespektrum lisensie in gevolge artikel 31(6) van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 en regulasies daarkragtens gemaak;

**"lisensiehouer"** soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet No. 36 van 2005) 'n persoon aan wie 'n lisensie uitgereik is om dienste te

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

verskaf kragtens Hoofstuk 3 of die radiofrekwensiespektrum te gebruik kragtens Hoofstuk 5 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005;

**"medebestuursentiteit"** ŉ staatsorgaan, ŉ plaaslike gemeenskap, ŉ individu of ŉ ander party met wie die bestuursgesag ŉ medebestuursooreenkoms aangegaan het kragtens artikel 18 van die Wet;

**"noodsaaklike diens"** 'n radiokommunikasiediens in 'n sentrale astronomievoordeelgebied gebruik wat as 'n noodsaaklike diens geklassifiseer is kragtens die kriteria en prosedures in regulasie 7 van hierdie regulasies voorgeskryf;

**"Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies"** die regulasies gemaak om die radio-astronomie waarneming beskermingsvlakke te definieer vir die astronomievoordeelgebiede wat vir die doel van radio-astronomie verklaar is, en op 10 Februarie 2012 in Kennisgewing No. R.90 in Staatskoerant No. 35007 gepubliseer is;

**"radio-astronomie stasie"** een of meer ontvangstelsels by ŉ plek, insluitend die bybehorende toerusting, vir die ontvangs van radiogolwe van kosmiese oorsprong vir die doeleindes van radio-astronomie;

**"radio-apparaat"** 'n elektroniese kommunikasiefasiliteit wat in staat is om enige sein per radio uit te send of te ontvang;

**“radiofrekwensiesteuring”** die nadelige impak van radioseine wat ontvang word en die beskermingsvlakke in die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012 voorgeskryf, oorskry vir meer as 5% van die tyd oor 'n tydperk van 24 uur;

**"Radiofrekwensiespektrum Regulasies"** die regulasies wat deur OKOSA gemaak soos gepubliseer op 31 Maart 2011 in Kennisgewing 184 van 2011, in Staatskoerant No. 34172;

**"radiokommunikasie"** die uitstraling, uitsending of ontvangs van inligting, insluitend sonder beperking, stem, klank, data, teks, video, animasie, visuele beelde, bewegende beelde en prente, seine of ŉ kombinasie daarvan

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

deurmiddel van radio of ander elektromagnetiese golwe sonder die hulp van ’n tasbare geleier;

**"radiokommunikasiediens"** enige diens voorsien aan die publiek, dele van die publiek, die Staat, of intekenaars tot so ’n diens, wat in sy geheel of hoofsaaklik bestaan uit oordrag met enige soort radiokommunikasie oor ’n radiokommunikasienetwerk;

**"radiokommunikasie netwerkdiens lisensiehouer"** ’n persoon aan wie OKOSA ’n elektroniese kommunikasienetwerkdiens lisensie kragtens Hoofstuk 3 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie uitgereik het;

**"radio stasie"** soos in die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 gedefinieer, een of meer senders of ontvangers of 'n kombinasie van senders en ontvangers, insluitend die bybehorende toerusting, wat op een plek nodig is om 'n elektroniese kommunikasiediens, ’n uitsaaidiens of enige elektroniese kommunikasie wat deur OKOSA gemagtig, oor te dra, en enige radio-apparaat wat by ’n spesifieke geografiese ligging gebruik word;

**"Spektrum Regulasies"** die regulasies om die gebruik van sekere radiofrekwensiespektrum kragtens artikel 22 van die Wet en sekere verklaarde aktiwiteite kragtens artikel 23 van die Wet binne die betrokke sentrale astronomievoordeelgebiede vir radio-astronomie doeleindes verklaar, te verbied of te beperk.

**"versadigingsvlak"** ’n kragvlak van (minus) -100 dBm of hoër vir ’n radiofrekwensie steuringsein ontvang waarby die versadigingsverskynsel voorkom by ’n radio-astronomie stasie of by ’n gespesifiseerde verwysingspunt of -punte of binne 'n gespesifiseerde area;

**"voldoeningsbepaling":**

(a) die vergelyking van radiofrekwensie steuringsvlakke by die betrokke waardebepalingspunte volgens die beskermingsmaatreëls voorgeskryf in die betrokke Spektrum Regulasies met die toepaslike beskermingsvlakke bepaal

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

in ooreenstemming met die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies;

(b) die vergelyking van radiofrekwensie steuringsvlakke by die toepaslike waardebepalingspunte volgens die beskermingsmaatreëls voorgeskryf in die toepaslike Spektrum Regulasies met die versadigingsvlak; en

(c) die bepaling of daar voldoening is aan alle toepaslike regulasies kragtens die Wet gemaak;

om uitgevoer te word deur die bevoegde persoon aangewys deur die aansoeker vir ’n permit kragtens regulasie 8 van hierdie regulasies;

**“waardebepalingspunt”** die geografiese ligging, of enige betrokke punt binne ’n area, wat in die betrokke sentrale astronomievoordeelgebiede Spektrum Regulasies gedefinieer is vir gebruik as die waardebepalingspunt vir die toepaslike beskermingsmaatreëls voorgeskryf in die betrokke Spektrum Regulasies; en

**"Wet"** die Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 (Act No. 21 of 2007).

**2. Toepassing van die regulasies**

(1) Die regulasies is van toepassing op enige sentrale astronomievoordeel-gebiede wat vir die doeleindes van radio-astronomie verklaar is soos beoog in artikel 9 van die Wet.

(2) Indien daar verskille tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes van hierdie regulasies is, sal die Engelse weergawe voorrang geniet.

**3. Vrystelling van verbod of beperkings op gebruik van radiofrekwensiespektrum**

(1) Om vas te stel watter radiofrekwensiespektrum vrygestel kan word van 'n verbod of beperking op die gebruik daarvan in die betrokke Spektrum Regulasies opgelê vir uitsendings binne 'n sentrale astronomievoordeelgebied geleë, moet die betrokke bestuursowerheid of medebestuursentiteit in die Staatskoerant kennis gee, so gou as wat redelikerwys prakties is nadat die Spektrum Regulasies vir daardie gebied afgekondig is, van 'n lys van die radiofrekwensiespektrum wat oorweeg moet word vir vrystelling van 'n verbod of beperkings op die gebruik daarvan vir uitsendings binne daardie gebied geleë.

(2) Die kennisgewing in sub-regulasie (1) beoog -

(a) mag ook die samevoeging voorstel van radiofrekwensiespektrum wat reeds binne daardie sentrale astronomievoordeelgebied in gebruik is; en

(b) moet belanghebbende en geaffekteerde persone uitnooi om geskrewe voorleggings na aanleiding van die kennisgewing in te dien, binne sestig (60) dae vanaf die datum van die kennisgewing.

(3) Voor die publikasie van die kennisgewing in die Staatskoerant, in sub-regulasie (1) beoog, moet die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit-

(a) OKOSA raadpleeg oor die radiofrekwensiespektrum wat vir vrystelling oorweeg moet word; en

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(b) volgens die metode in artikel 22(4) van die Wet beoog, al die bestaande lisensiehouers en lisensie vrygestelde operateurs wat radiostasies binne daardie sentrale astronomievoordeelgebied bedryf en wat in die permanente register van belanghebbende en geaffekteerde persone vir daardie gebied gelys is, in kennis stel van die kennisgewing wat in die Staatskoerant gepubliseer sal word.

(4) Die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit moet die voorleggings ontvang, oorweeg en mag bykomende inligting van ’n persoon wat die geskrewe voorlegging gemaak het, aanvra.

(5) Na oorweging van die voorleggings en enige bykomende inligting wat ontvang is, moet die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit aanbevelings aan die Minister maak betreffende die radiofrekwensiespektrum om vrygestel te word.

(6) Die Minister mag die lys van vrygestelde radiofrekwensiespektrum met ’n kennisgewing in die Staatskoerant publiseer ten minste ses maande voor die datum waarop die verbod of beperkings op die gebruik van die spektrum binne daardie gebied in werking sal tree.

(7) Die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit mag, in reaksie op ’n versoek van OKOSA, die vrystelling van bykomende radiofrekwensie-spektrum vir gebruik binne ’n sentrale astronomievoordeelgebied oorweeg.

**4. Vereiste vir ’n permit en voldoeningsbepaling**

(1) ’n Lisensiehouer of ’n lisensie vrygestelde operateur of enige persoon wat seine vanaf ’n radiostasie binne ’n sentrale astronomievoordeelgebied met die gebruik van radiofrekwensiespektrum binne daardie gebied uitgesend het, onmiddellik voordat die Spektrum Regulasies vir daardie gebied afgekondig is, mag slegs vir ’n tydperk van een jaar aanhou om daardie seine uit te send nadat daardie regulasies in werking getree het, tensy die betrokke bestuursgesag ’n permit vir die uitsending van daardie seine aan daardie lisensiehouer of operateur uitgereik het vir die uitsending van daardie seine na die eenjaar tydperk.

(2) Die Minister mag, met ’n kennisgewing in die Staatskoerant, die eenjaar tydperk in subregulasies 4 (1) beoog, tot 'n maksimum tydperk van drie jaar verleng.

(3) ’n Lisensiehouer of ’n lisensie vrygestelde operateur of enige persoon mag nie, nadat die Spektrum Regulasies vir ’n sentrale astronomievoordeelgebied afgekondig is, begin om seine met die gebruik van radiofrekwensiespektrum vanaf ’n radiostasie binne daardie gebied uit te send nie, tensy die betrokke bestuursgesag ’n permit vir die uitsending van daardie seine aan daardie lisensiehouer of operateur uitgereik het nie.

(4) Radio-apparaat wat deur OKOSA in Deel III, artikel (4) van die Radiofrekwensiespektrum Regulasies, 2015, vrygestel is van die vereiste om 'n radiofrekwensiespektrumlisensie te besit, benodig nie ’n permit om aan te hou of om te begin om seine binne ’n sentrale astronomievoordeelgebied uit te send nie nadat die Spektrum Regulasies afgekondig is, onderworpe daaraan dat:

(a) radio-apparaat met 'n radiofrekwensie kraguitset van meer as 250 milliwatt van die vrystelling uitgesluit is;

(b) radio-apparaat met ’n radiofrekwensie kraguitset van minder as 250 milliwatt ten volle voldoen aan die toepaslike vereistes en toestande in Bylae B van die Radiofrekwensiespektrum Regulasies, 2015, gespesifiseer;

(c) die radiofrekwensiesteuring in die betrokke Spektrum Regulasies beskryf, nie veroorsaak word nie;

(d) dat as radiofrekwensiesteuring veroorsaak word, die geografiese gebruik van die apparaat beperk mag word soos in die betrokke Spektrum Regulasies voorgeskryf; en

(e) die vrystelling van die nodigheid vir ’n permit slegs van toepassing is op apparaat wat individueel gebruik word soos in die Radiofrekwensiespektrum Regulasies, 2015, gespesifiseer en nie wanneer veelvuldige eenhede in netwerke gekoppel is nie of die apparaat op enige manier versterk is nie.

(5) Indien radiofrekwensiesteuring veroorsaak word deur radio-apparaat waarna in subregulasie 4 (4) verwys is, of indien die radioapparaat nie gebruik word volgens die vereistes en toestande in die Radiofrekwensiespektrum Regulasies, 2015, voorgeskryf nie, of as veelvuldige eenhede gekoppel is of die eenhede versterk is, dan moet 'n voldoeningsbepaling soos in subregulasies 4(6) en 4(7) beoog, uitgevoer word om die omvang van die radiofrekwensiesteuring te bepaal en moet aansoek vir 'n permit gedoen word.

(6) Voor die uitreiking van enige permit vir die uitsending van 'n sein vanaf 'n radiostasie in 'n sentrale astronomievoordeelgebied met die gebruik van radiofrekwensiespektrum, moet 'n voldoeningsbepaling uitgevoer word deur die lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur vir elke sodanige sein.

(7) 'n Voldoeningsbepaling kan slegs deur 'n bevoegde persoon, soos in regulasie 8 van hierdie regulasies beoog, uitgevoer word wat in diens van die lisensiehouer of die lisensie vrygestelde operateur staan wat die sein uitsend of van voorneme is om dit te doen, of deur 'n bevoegde persoon wat deur die lisensiehouer of operateur vir hierdie doel gekontrakteer is.

(8) Radiofrekwensiesteuringsvlakke wat geproduseer word deur 'n sein uitgesend vanaf enige radiostasie binne 'n sentrale astronomievoordeelgebied moet bepaal word deur die gebruik van die radiostasie data om in die voldoeningbepalingsverslag vermeld te word en volgens die tegniese kriteria in regulasie 6 van hierdie regulasies voorgeskryf.

(9) Die voldoeningbepalingsverslag van toepassing op rekenaarmodellering moet ooreenstem met die raamwerk wat in Bylae A van hierdie regulasies verskaf is en moet al die inligting en data daarin vereis, insluit.

(10) Vir metings, soos in subregulasie 5(6) beoog, moet 'n geskikte gedetailleerde voldoeningsverslag verskaf word wat 'n beskrywing van die metingsproses en standaarde gebruik, die lys van meet- en bybehorende toerusting gebruik met kalibrasie sertifikate, volledige inligting oor die metingsparameters (plek, hoogte, datum, tyd, weerstoestande, ens) en die meet resultate insluit.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(11) 'n Aansoek om 'n permit moet ooreenstem met die raamwerk in Bylae B van hierdie regulasies voorsien en al die inligting en data daarin vereis, insluit.

(12) Die voltooide aansoekvorm en die voldoeningbepalingsverslag moet deur die lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur aan die betrokke bestuursgesag vir evaluering voorgelê word.

(13) Die radiostasie data moet in 'n elektroniese formaat voorgelê word, verkieslik ascii, met die moontlikheid om dit vir gebruik in 'n rekenaarprogram in te voer of om te skakel.

(14) Indien 'n aansienlike aantal uitsendings en voldoeningsbepalings in 'n enkele aansoek en verslag gehanteer word, kan die inligting en data nodig volgens Bylaes A en B verskaf word in 'n Microsoft Excel spreiblad, of enige ander elektroniese getabuleerde data formaat.

(15) Indien 'n lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur met uitsendings besig is, of van voorneme is om seinuitsendings te doen, vanaf 'n radiostasie binne 'n sentrale astronomievoordeelgebied met die gebruik van beperkte radiofrekwensiespektrum, en graag wil voortgaan om daardie spektrum te gebruik na die datum waarop die verbod of beperkings in werking tree, kan daardie lisensiehouer of operateur 'n vrystelling van daardie verbod of sodanige beperkinge versoek en die versoek met ŉ motivering daarvoor saam met die permitaansoek en die voldoeningbepalingsverslag by daardie gesag of entiteit indien.

**5. Evaluering van voldoeningsverslae en die aansoek vir permit**

(1) Die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit moet elke voldoeningsverslag en aansoek vir 'n permit wat ingedien is, evalueer.

(2) Indien ŉ onvolledige voldoeningsverslag of permit aansoek ontvang word –

(a) sal die aansoeker daarvan skriftelik in kennis gestel word binne veertien (14) dae na ontvangs van die aansoek;

(b) mag die onvolledige verslag en/of aansoek deur ŉ volledige weergawe vervang word; en

(c) sal die evalueringsproses slegs ŉ aanvang neem wanneer die volledige weergawes van die verslag en aansoek beskikbaar is.

(3) Indien die radiofrekwensie spektrum in gebruik –

(a) nie beperkte radiofrekwensie spektrum is nie;

(b) die vasgestelde radiofrekwensie steuringsvlakke nie die toepaslike voorgeskrewe beskermingsvlakke oorskry nie; en

(c) die uitsending aan al die toepaslike beperkinge en regulasies kragtens die Wet gemaak, voldoen,

moet die betrokke bestuursgesag binne dertig (30) dae vanaf die datum waarop die permitaansoek en voldoeningsverslag by die bestuursgesag ingedien is, uitgesluit die tydsverloop vir verpligte eksterne raadplegings en reaksies op versoeke vir inligting aan die aansoeker, die permit uitreik en die lisensiehouer of operateur skriftelik daarvan in kennis stel.

(4) Indien 'n lisensiehouer of ŉ lisensie vrygestelde operateur 'n versoek by die betrokke bestuursgesag ingedien het insake die vrystelling van beperkte frekwensiespektrum, dan moet daardie gesag binne sestig (60) dae na die datum waarop die aansoek voorgelê is, uitgesluit die tydsverloop vir verpligte eksterne raadpleging en reaksies op versoeke vir inligting aan die aansoeker, die lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur skriftelik adviseer oor sy besluit rakende die versoek vir vrystelling.

(5) Indien die radiofrekwensiesteuringsvlakke die toepaslike voorgeskrewe beskermingsvlakke oorskry of die uitsending voldoen nie aan enige van die toepaslike beperkings of regulasies nie, moet die betrokke bestuursgesag binne dertig (30) dae vanaf die datum waarop die voldoeningsverslag by die gesag ingedien is, die lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur skriftelik daarvan in kennis stel.

(6) In die geval van ŉ dispuut tussen die aansoeker en die betrokke bestuursgesag en medebestuursentiteit aan die ander kant, oor –

(a) die geldigheid van die radiofrekwensie steuringsvlakke bepaal deur middel van rekenaarberekeninge; of

(b) die akkuraatheid van die vasgestelde radiofrekwensiesteuringsvlakke wat as onaanvaarbaar deur die bestuursgesag en die medebestuursentiteit beskou word,

dan moet daar toepaslike en uitvoerbare metings van die werklike steuringsvlak by die gespesifiseerde waardebepalingspunt uitgevoer word in ooreenstemming met die betrokke voorskrifte in regulasie 6 van hierdie regulasies.

(7) ŉ Lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur wat ŉ geskrewe kennisgewing soos in sub-regulasie 5(5) beoog, ontvang, mag ondersoek instel en metodes oorweeg om die steuringsvlakke te verminder na die voorgeskrewe beskermingsvlakke en om aan die toepaslike beperkings en regulasies te voldoen en mag die voorgestelde metodes skriftelik aan die betrokke bestuursgesag voorlê binne dertig (30) dae na die datum waarop die kennisgewing in subregulasie 5(5) ontvang is.

(8) Die betrokke bestuursgesag of die medebestuursentiteit moet daardie voorgestelde metodes te evalueer en binne dertig (30) dae vanaf die datum van ontvangs daarvan, uitgesluit die tydsverloop vir verpligte eksterne raadplegings of reaksies op versoeke vir inligting aan die aansoeker, die lisensiehouer of operateur skriftelik in kennis stel of die voorgestelde metode om radiofrekwensiesteuring te beperk, aanvaarbaar is.

(9) Indien die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit die voorstelle aanvaar, dan moet die lisensiehouer of die operateur daardie voorstelle binne neëntig (90) dae vanaf die datum van ontvangs van die besluit die voorstelle in werking stel waarna die gesag, onderhewig aan die suksesvolle implementering van die voorstelle, die permit moet uitreik en aan die lisensiehouer of operateur lewer.

(10) Indien die betrokke bestuursgesag meer tyd benodig as die tyd gespesifiseer kragtens sub-regulasies 5(3), 5(4), 5(5) of 5(8) om besluite te neem, of daar bevind word dat 'n uitgebreide tegniese evaluering en/of metings benodig word, mag die gesag binne die gespesifiseerde tydperk, insluitend enige geldige bykomende tyd, die lisensiehouer of operateur in

kennis stel dat bykomende tyd, tot ŉ maksimum van een honderd en tagtig (180) dae nodig is en redes verstrek waarom dit nodig is.

(11) Indien die bestuursgesag nalaat om binne die tydperke in sub-regulasies 5(3), 5(4), 5(5) of 5(8) gespesifiseer, op te tree, of waar die gesag kragtens sub-regulasie 5(10) die tydperk met ŉ sekere hoeveelheid van die tyd verleng het en nalaat om binne die verlengde tydperk op te tree, word dit geag dat die aansoek geweier is.

(12) ŉ Permit wat deur die betrokke bestuursgesag aan ŉ lisensiehouer of ŉ lisensie vrygestelde operateur uitgereik is, moet die frekwensies of die frekwensieband wat gebruik mag word spesifiseer tesame met uitsendingseienskappe en voorwaardes waaraan die lisensiehouer of operateur moet voldoen.

(13) As ŉ verslag ontvang word, nadat die permit uitgereik is, dat die radiofrekwensiesteuring aan radio-astronomie hoër is as die vlak wat in die permit gespesifiseer is, dan moet die voldoeningbepalingsverslag deur die aansoeker vir die permit en die betrokke bestuursgesag bevestig word.

(14) Die bevestiging van die voldoeningsbepaling wat op subregulasie 5(13) betrekking het en kragtens hierdie regulasies uitgevoer word, moet deur die aansoeker en die betrokke bestuursgesag hersien om word om die korrektheid daarvan te bepaal met inagneming van die akkuraatheid van die rekenaarmodellering toegepas of die metings uitgevoer.

(15) As die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit dit nodig ag, dan moet metings van die radiofrekwensiesteurings uitgevoer word. Die resultate van die hersiening sal bepaal of die uitsendingseienskappe in die uitgereikte permit aangepas moet word om te verhoed dat die toepaslike beskermingsvlak oorskry word.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(16) As ʼn lisensiehouer of ʼn lisensie vrygestelde operateur aan wie ʼn permit uitgereik is, verlang om die frekwensies of die frekwensieband wat gebruik mag word, die uitsendingseienskappe, of die voorwaardes in die permit voorgeskryf, te wysig, dan moet daar by die betrokke bestuursgesag aansoek gedoen vir so ʼn wysiging.

(17) Regulasies 4(6) tot 4(16), met die nodige wysigings in ag geneem, is op so ʼn wysigingsaansoek vir ʼn uitgereikte permit van toepassing.

(18) Indien die bestuursgesag dertig (30) dae na die uitreiking van 'n permit vasstel dat die voorwaardes in die permit nie nagekom word nie, dan sal die permit onmiddellik deur die betrokke bestuursowerheid teruggetrek word. Die houer van so ʼn permit moet onmiddellik enige aktiwiteit wat kragtens die permit uitgevoer word, staak.

**6. Tegniese standaarde vir die bepaling van radiofrekwensie steuringsvlakke**

(1) Die voldoeningsbepaling, in subregulasie 4(6) beoog, moet die volgende insluit:

(a) Die bepaling van die radiofrekwensie steuringsvlakke wat ooreenkom met die beskermingsmaatreëls in die betrokke Spektrum Regulasies voorgeskryf met betrekking tot die toepaslike beskermingsvlakke in die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, voorgeskryf;

(b) Die bepaling van die radiofrekwensie steuringsvlakke wat ooreenkom met die beskermingsmaatreëls in die betrokke Spektrum Regulasies voorgeskryf met betrekking tot die versadigingsvlak; en

(c) Die bepaling of daar voldoening is aan al die toepaslike regulasies kragtens die Wet gemaak.

(2) Die bepaling van die radiofrekwensie steuringsvlakke moet in die eerste plek uitgevoer word deur middel van die rekenaar modellering wat wetenskaplike metodes deur die ITU aanbeveel, gebruik en wat radiofrekwensie steuringsvlakke bereken wat ooreenkom met die beskermingsmaatreëls in die betrokke Spektrum Regulasies voorgeskryf en die kriteria in sub-regulasie 6 (7) gespesifiseer.

(3) As rekenaarmodellering is nie haalbaar of toepaslik is nie, of as groter akkuraatheid vereis word as wat rekenaarmodellering kan voorsien, dan

moet die radiofrekwensie steuringsvlakke deur middel van metings bepaal word.

(4) Die metingstandaarde en tegnieke wat gebruik word, moet ooreengekom word tussen die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit en die bevoegde persoon, soos in regulasie 8 van hierdie regulasies beoog, wat die voldoeningsbepaling sal uitvoer.

(5) Indien 'n ooreenkoms nie bereik kan word nie, moet die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit 'n gepaste standaard en tegnieke bepaal om gebruik te word.

(6) Die verwysingshoogte vir metings of seinvoorspellings is 10 meter bo die grondvlak by die waardebepalingspunte vir die beskermingsmaatreëls in die betrokke Spektrum Regulasies voorgeskryf.

(7) Die berekening van radiofrekwensie steuringsvlakke moet op die volgende kriteria gebaseer wees -

(a) die toepassing van die toepaslike ITU Aanbeveling vir golfvoortplanting;
(b) seinvlakke wat vir nie meer as 5% van die tyd oor ’n vier en twintig (24) periode oorskry sal word nie;
(c) ’n isotropiese antenna toestand met 0 dB wins by die waardebepalingspunte vir die beskermingsmaatreëls in die betrokke Spektrum Regulasies voorgeskryf;
(d) die gebruik van die beste beskikbare digitale terrein model; en
(e) senderstasiedata deur die gelisensieerde of lisensie vrygestelde elektroniese kommunikasienetwerk operateur of radiofrekwensiespektrum lisensiehouer verskaf word volgens die gespesifiseerde besonderhede in Bylae A tot hierdie regulasies.

(8) Die bevoegde persoon wat die voldoeningsbepaling hanteer, moet uitvoering gee aan –

(a) ’n Punt-tot-punt berekening op die golfvoortplantingspad tussen die radiostasie of ligging van die radio-apparaat en die gespesifiseerde waardebepalingspunte van die radiofrekwensie steuringsvlak by die waardebepalingspunte vir die beskermingsmaatreëls in die betrokke Spektrum Regulasies voorgeskryf;

(b) die berekening van die seinpadverliese oor die golfvoortplantingspaaie na verwys in (a), in dB; en

(c) die vergelyking van die radiofrekwensie steuringsvlakke, by die toepaslike waardebepalingspunte na verwys in (a) om te bepaal of dit die toepaslike beskermingsvlakke oorskry of nie, met:

(i) die betrokke beskermingsvlak in die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, voorgeskryf, of

(ii) die versadigingsvlak.

Die resultate van (a), (b) en (c) hierbo moet in die voldoeningbepalingsverslag in subregulasie 4(8) voorgeskryf, verstrek word.

**7. Kriteria, prosedures en voorwaardes van toepassing op 'n noodsaaklike diens**

(1) Radiokommunikasiedienste wat die toepassings hieronder gelys, verskaf, mag deur die betrokke bestuursgesag oorweeg word vir klassifikasie as noodsaaklike dienste -

(a) uitsaaiseinverspreiding via geostasionêre satelliete vir verspreiding na terrestriële uitsaaisenders en direk-na-huis ontvangs;

(b) elektroniese kommunikasienetwerkdienste van provinsiale en nasionale omvang deur OKOSA gelisensieer kragtens artikel 5(3) van die Wet op Elektroniese Kommunikasie;

(c) elektroniese kommunikasie vir die bedryf en instandhouding van elektrisiteitstransmissie en -verspreiding kragstelsels;

(d) elektroniese kommunikasie vir die bedryf en instandhouding van spoorvervoer;

(e) elektroniese kommunikasie vir sekerheidsdienste en hul doelwitte soos in Hoofstuk 11 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996, omskryf, plaaslike regering en hul doelwitte soos in Hoofstuk 7 van die Grondwet omskryf, gesondheidsdienste en nooddienste;

(f) elektroniese kommunikasie vir lugvaart en maritieme dienste in frekwensiespektrum toewysings met betrekking tot die veiligheid en

gereeldheid van vlugte en die seevaartuie, insluitend kommunikasie, radio navigasie en waarnemingstelsels; en

(g) geostasionêre satellietkommunikasie.

(2) In die bepaling deur die betrokke bestuursgesag of 'n radiokommunikasiediens in sub-regulasie 7 (1) ingesluit as 'n noodsaaklike diens geklassifiseer behoort te word, of nie, moet oorweging gegee word aan –

(a) die bestaan van 'n funksioneel geskikte en ekonomies gangbare alternatief wat voldoen aan, of beter voldoen aan, die beperkings, voorwaardes en standaarde in hierdie regulasies vir die beskerming van radio-astronomie voorgeskryf; en

(b) die moontlike gebruik van ŉ alternatiewe frekwensieband en/of ŉ alternatiewe tegnologie wat ŉ mindere radiofrekwensie steuringsimpak het op die beskerming van radio-astronomie het.

(3) 'n Aansoeker vir 'n permit benodig ooreenkomstig regulasie 4 in verband met 'n radiokommunikasiediens wat mag kwalifiseer om as 'n noodsaaklike diens kragtens subregulasie 7(1) geklassifiseer te word, moet dit so in sodanige aansoek aandui.

(4) Die klassifikasie vir elke verskillende tipe radiokommunikasiediens, wat in 'n ander frekwensieband werk of 'n ander tegnologie gebruik, in die besonder vir lisensiehouers wat veelvuldige tipes dienste verskaf, moet afsonderlik bepaal word en so in die permit uitgereik, aangedui word.

(5) Die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit moet, voordat die evalueringsproses vir die voldoeningsbepaling en die aansoek vir 'n permit soos in regulasie 5 voorgeskryf, ŉ aanvang neem, bepaal of die radiokommunikasiediens betrokke as 'n noodsaaklike diens geklassifiseer sal word.

(6) As 'n radiofrekwensie steuringsvlak met betrekking tot 'n noodsaaklike diens die toepaslike voorgeskrewe beskermingsvlak kragtens die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, by die voorgeskrewe waardebepalingspunte oorskry en nie verminder kan word sonder om daardie diens aansienlik te beïnvloed nie, moet die verskaffer van daardie diens 'n verduideliking in die aansoek by die bestuursgesag of

medebestuursentiteit ingedien, insluit oor die redes waarom die steuringsvlak nie verminder kan word nie en versoek dat 'n radiofrekwensie steuringsvlak wat meer as die voorgeskrewe waarde is, toegelaat word.

(7) 'n klassifikasie as 'n noodsaaklike diens kan gekanselleer word as 'n ander elektroniese kommunikasiestelsel wat funksioneel geskik en ekonomies gangbaar is en voldoen aan of beter voldoen aan die beperkings, voorwaardes en standaarde in die betrokke Spektrum Regulasies vir die beskerming van die radio-astronomie voorgeskryf.

(8) Geen verligting mag deur die betrokke bestuursgesag toegestaan word waar radiofrekwensiesteuring die versadigingsvlak by enige toepaslike verwysingspunt in die betrokke Spektrum Regulasies voorgeskryf, oorskry nie.

**8. Kriteria vir persoon wat die voldoeningsbepaling uitvoer**

(1) ʼn Persoon wat die voldoeningsbepaling uitvoer en die verslag opstel, moet:

(a) ʼn tersiêre akademiese kwalifikasie in elektroniese of radiofrekwensie ingenieurswese besit, tenminste op die vlak wat die persoon sal kwalifiseer om as ʼn professionele ingenieurstegnoloog kragtens die Wet op die Ingenieursweseprofessie, 2000 (Wet No 46 van 2000) te registreer;

(b) toegang hê tot of in staat wees om toegang te bekom tot 'n gerekenariseerde frekwensiespektrum beplanningstelsel wat bruikbaar is om rekenaarmodellering uit te voer vir die radiofrekwensie seinvlak berekeninge op die betrokke ITU aanbevelings oor voortplanting gebaseer en gebruik maak van die beste beskikbare digitale terreinmodel; en

(c) in staat wees om ten minste twee verwysings te verskaf vir werk wat suksesvol binne die laaste vyf (5) jaar uitgevoer is en die bepaling van radiogolf voortplanting en seinsterktes behels het.

(2) Alternatief tot sub-regulasie 8(1), moet die betrokke bestuursgesag of die medebestuursentiteit 'n evaluering van die vaardighede en ervaring van 'n persoon wat die voldoeningsbepaling en die samestelling van die verslag wil uitvoer om bepaal of die persoon oor die nodige vermoë en kapasiteit beskik.

(3) Die nodige inligting soos in Bylae A, item 1 bepaal is, moet deur die aansoeker vir ŉ permit verskaf word vir oorweging en evaluering deur die bestuursgesag of medebestuursentiteit.

**9. Permitregister**

(1) Die uitsendingseienskappe en die voorwaardes wat in elke permit kragtens regulasie 5 uitgereik, gespesifiseer is, moet deur die betrokke bestuursgesag in ŉ permit register vir die betrokke sentrale astronomievoordeelgebied ingeskryf word.

(2) Die besonderhede van die inligting wat in die permit register ingeskryf moet word, moet die data wat vir die voldoeningsbepaling gebruik is en die voldoeningsresultate insluit, soos weerspieël in Bylae A, items 2 tot 6, vir elke waardebepalingspunt wat betrokke is.

(3) Die waardebepalingsinligting in die register mag slegs aan die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit en die permithouer beskikbaar gestel word.

**10. Misdrywe en strawwe**

Enige persoon wat hierdie regulasies oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 000 (een miljoen rand) of gevangenisstraf of beide 'n boete en gevangenisstraf.

**11. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie regulasies heet die Regulasies oor Administratiewe Aangeleenthede vir die Sentrale Astronomievoordeelgebiede (Radio-astronomie) en sal op 'n datum in werking tree om deur die Minister bepaal te word deur middel van ŉ kennisgewing in die Staatskoerant.

**BYLAE A: Raamwerk vir die voldoeningbepalingsverslag**

## 1. Bevoegde persoon wat die ondersoek uitgevoer het

1.1. Naam van die bevoegde persoon: ……………………………………….

1.2. Bewys dat die bevoegde persoon aan elk van die vereistes in regulasie 8 voorgeskryf, voldoen:

1.2.1. Akademiese kwalifikasie:

……………………………………………………………………………..

1.2.2. Toegang tot ’n gerekenariseerde frekwensie beplanningstelsel

……………………………………………………………………………

1.2.3. Twee verwysings na frekwensiespektrum beplanningswerk wat in die laaste vyf jaar uitgevoer is:

1.2.3.1. ………………………………………………………………

1.2.3.2. ………………………………………………………………

1.3. Alternatief vir 1,2, versoek dat 'n evaluering van die persoon uitgevoer word

………………………………………………………………………………

## 2. Radiostasie data vir ’n spesifieke uitsending

Die items hieronder is van toepassing op 'n vaste radio stasie. As 'n ander situasie betrokke is in die voldoeningsbepaling, dan moet slegs die toepaslike items ingevul word en voldoende inligting verskaf word om die uitsendingsbron behoorlik te omskryf en te identifiseer.

’n Getabuleerde skedule moet gebruik word vir veelvuldige uitsendings vanaf ’n stasie by ’n spesifieke plek of van stasies by verskillende plekke

2.1. Draerfrekwensie (in MHz tot 4 desimale):

………………………………………………………………………………

2.2. Unieke verwysingsnommer (nie meer as tien karakters/syfers nie):

……………………………………………………………………………...

2.3. Naam van lisensiehouer of lisensie vrygestelde operateur:

………………………………………………………………………………

2.4. Radiostasie naam:

………………………………………………………………………………

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

2.5. Geografiese koördinate (in grade tot vier desimale)

……………………………………………………………………………………

2.6. Grondvlak bo seevlak (in meters):

……………………………………………………………………………………

2.7. Hoogte bo grondvlak van die sendantenne middel (in meters):

……………………………………………………………………………………

2.8. EUK in die rigting van die Waardebepalingspunt (WP) (in dBm):

……………………………………………………………………………………

2.9. Polarisasie van die sein oorgesend:

……………………………………………………………………………………

2.10. Bandwydte van die sein oorgesend (in MHz):

……………………………………………………………………………………

## 3. Tegniese voorwaardes op die seinsterkte berekening toegepas

3.1. Gerekenariseerde frekwensiebeplanningstelsel gebruik:

……………………………………………………………………………………

3.2. Die ITU Aanbeveling toegepas op die voortplantingberekeninge:

……………………………………………………………………………………

3.3. Opsie verkies (indien enige) vir die ITU Aanbeveling toegepas:

……………………………………………………………………………………

3.4. Digitale topografiese terreinmodel gebruik:

……………………………………………………………………………………

## 4. Resultate van die radiofrekwensiesteuring (RFS) voldoeningsbepaling by die toepaslike AP met betrekking tot die radio-astronomie beskermingsvlak

4.1. Toepaslike AP: Geografiese koördinate (in grade tot vier desimale):

……………………………………………………………………………………

4.2. RFS vlak (in dBm/Hz) by die AP:

……………………………………………………………………………………..

4.3. Voortplantingpadverlies (in dB) tussen die radiostasie en die AP:

…………………………………………………………………………………......

4.4. Beskermingsvlak (BV) (in dBm/Hz) soos bepaal volgens die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies:

……………………………………........

4.5. Resultaat van die RFS en PL vlakke vergelyking:

………………………………………………………………………………

**5. Resultate van die RFS voldoeningsbepaling by die toepaslike AP met betrekking tot die versadigingsvlak**

5.1. Ligging van die toepaslike AP: Geografiese koördinate (in grade tot vier desimale):

………………………………………………………………………………

5.2. RFS vlakke by die toepaslike AP:

………………………………………………………………………………

5.3. Resultaat van die vergelyking met die versadigingsvlak:

………………………………………………………………………………

**6. Voldoeningsbepaling m.b.t. alle toepaslike regulasies kragtens die Wet gemaak**

6.1. Alle toepaslike regulasies word aan voldoen: Ja......of Nee........

6.2. Verskaf verwysings na toepaslike regulasies waaraan nie voldoen word nie, met die redes vir nie-voldoening

………………………………………………………………………………

**7. Voldoeningsverslag onderteken deur:**

Met die ondertekening van hierdie Voldoeningsverslag, verklaar ek dat die inligting en resultate in hierdie verslag na die beste van my wete waar en korrek is.

| ______________ | ______________ | ______________ | ______________ |
|---|---|---|---|
| Naam van persoon | Naamtekening | Datum | Plek |

**BYLAE B: Raamwerk vir 'n permitaansoek**

1. **Aansoeker**

    1.1. Naam van persoon of entiteit…………………………………………………

    1.2. ID of registrasienommer.......…………………………………………………

    1.3. Indien 'n entiteit, die naam van kontakpersoon en haar/sy posisie

    ..........................................…………………………………………………

    1.4. Posadres...........................…………………………………………………

    1.5. e-posadres.........................…………………………………………………

    1.6. Telefoonnommers................…………………………………………………

2. **Besonderhede van uitsendings waarvoor permitte vereis word (indien meer as drie uitsendings betrokke is, gebruik 'n getabuleer skedule)**

| Besonderhede | Transmissie 1 | Transmissie 2 | Transmissie 3 |
|---|---|---|---|
| Perseelnaam | | | |
| Geografiese koördinaat (breedtegraad) | | | |
| Geografiese koördinaat (lengtegraad) | | | |
| Tipe radiokommunikasie | | | |
| Draer / middel frekwensie (MHz) | | | |
| Sendkrag by antenna-inset (dBm) | | | |
| Antenna tipe & wins (dB) | | | |
| OKOSA radiofrekwensie spektrumlisensie nommer | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Frekwensiespektrum in gebruik (Beperkte / vrygestelde) | | | |
| Voldoeningsbepaling gedoen (Ja/Nee) | | | |
| Radiofrekwensie steuring oorskry beskermingsvlak (Ja/Nee) | | | |
| Radiofrekwensie steuring oorskry versadigingsvlak (Ja/Nee) | | | |
| Voldoening aan die toepaslike beperkinge in Spektrum Regulasies (Ja/Nee) | | | |
| Mening oor kwalifikasie vir klassifikasie as 'n noodsaaklike diens (Ja/Nee) | | | |

**3. Aansoek om 'n permit of permitte onderteken deur:**

In die ondertekening van hierdie aansoek, verklaar ek dat die inligting wat verskaf is na die beste van my wete waar en korrek is.

| ____________ | ____________ | ____________ | ____________ |
|---|---|---|---|
| Naam van persoon | Naamtekening | Datum | Plek |

## SKEDULE C

## REGULASIES OOR FINANSIELE VERGOEDINGSPROSEDURES VIR SENTRALE ASTRONOMIEVOORDEELGEBIEDE

## INDELING VAN DIE REGULASIES

1. Woordomskrywings ........ 2
2. Toepassing van die regulasies ........ 4
3. Prosedures en kriteria om vir finansiële vergoeding aansoek te doen ........ 4
4. Verwerking van die aansoek deur die bestuursgesag ........ 6
5. Bepaling van vergoeding deur die Minister ........ 7
6. Aanvaarding van die aanbod deur die aansoeker ........ 8
7. Misdrywe en strawwe ........ 8
8. Kort titel en inwerkingtreding ........ 8



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

1. **Woordomskrywings**

In hierdie regulasies tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken–

**"finansiële verlies"** –

(a) die koste vir ŉ radiokommunikasie netwerkdiens lisensiehouer om ŉ vereiste of ŉ voorwaarde kragtens artikel 23 van die Wet voorgeskryf, te implementeer; en

(b) die aansluitingskoste en bykomende gebruikskoste vir ŉ radiokommunikasiediens gebruiker vir ŉ elektroniese kommunikasiediens wat anders is as die elektroniese kommunikasiediens wat deur daardie gebruiker benut is voor die uitvaardiging van ŉ regulasie kragtens artikel 23 van die Wet gemaak;

**"geaffekteerde persoon"** ŉ persoon wat –

(a) wettiglik ŉ aktiwiteit in ŉ sentrale astronomievoordeelgebied uitgevoer het voor die beperking van daardie aktiwiteit deur middel van regulasies wat deur die Minister kragtens artikel 23 van die Wet gemaak is; en

(b) kragtens artikel 23(3)(a) van die Wet deur die Minister vereis word om daardie aktiwiteit te staak of om aan voorwaardes wat kragtens artikel 23(3)(b) van die Wet voorgeskryf is, te voldoen;

**"GPS"** die global positioning system;

**"lisensiehouer"** ŉ persoon aan wie OKOSA ŉ lisensie uitgereik het om ŉ diens kragtens Hoofstuk 3 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005, te verskaf of om radiofrekwensiespektrum kragtens artikel 31 daarvan, te gebruik;

**"lisensie vrygestelde operateur"** ŉ persoon wat ŉ diens verskaf ingevolge die vrystelling deur OKOSA toegestaan kragtens artikel 6 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 of radiofrekwensiespektrum gebruik wat vrygestel is van die vereiste vir ŉ radiofrekwensie spektrum lisensie in gevolge artikel 31(6) van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005, en regulasies daarvolgens gemaak;

**"medebestuursentiteit"** ŉ staatsorgaan, ŉ plaaslike gemeenskap, ŉ individu of ŉ ander party met wie die betrokke bestuursgesag ŉ medebestuursooreenkoms aangegaan het kragtens artikel 18 van die Wet;



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

"**Spektrum Regulasies**" die regulasies om die gebruik van sekere radiofrekwensiespektrum kragtens artikel 22 van die Wet en sekere verklaarde aktiwiteite kragtens artikel 23 van die Wet binne die betrokke sentrale astronomievoordeelgebied vir radio-astronomie doeleindes verklaar, te verbied of te beperk; en

**"Wet"** die Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 (Act No. 21 of 2007).



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**2. Toepassing van die regulasies**

(1) Die regulasies is van toepassing op enige sentrale astronomievoordeelgebied verklaar vir radio-astronomie doeleindes en verwante wetenskaplike ondernemings.

(2) Indien daar verskille tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes van hierdie regulasies is, sal die Engelse weergawe voorrang geniet.

**3. Prosedures en kriteria om vir finansiële vergoeding aansoek te doen**

(1) 'n Geaffekteerde persoon wat 'n finansiële verlies gely het, alleenlik as 'n direkte oorsaak van daardie persoon se voldoening aan 'n voorgeskrewe vereiste of voorwaarde kragtens artikel 23(3)(a) of (b) van die Wet, of 'n persoon wie se gebruik van 'n diens verskaf deur 'n lisensiehouer of 'n lisensie vrygestelde operateur, nadelig geaffekteer is, as 'n direkte gevolg van daardie operateur se voldoening aan 'n vereiste of voorwaarde toegepas kragtens artikel 23(3)(a) of (b) van die Wet, mag vir kompensasie kragtens hierdie regulasie aansoek doen.

(2) Die aansoek om vergoeding in sub-regulasie (1) beoog, moet op 'n vorm by die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit verkry, gedoen word, en moet by die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit ingedien word binne twee (2) jaar na die implementering van die betrokke vereiste of voorwaarde.

(3) Die gemelde aansoek moet die volgende insluit -

(a) die aansoeker se volle name, posadres, e-posadres, telefoon nommer en belastingverwysingsnommer;

(b) die adres waar die aansoeker aflewering van enige kennisgewing, proses of enige ander dokument met betrekking tot die aansoek in ontvangs sal neem;

(c) die adres of GPS ligging waar die applikant die betrokke aktiwiteit wettig uitgevoer het of waar die diens wat die onderwerp van die aansoek is, onmiddellik voor die implementering van die betrokke vereiste of voorwaarde gebruik is;

(d) Indien die aansoeker, teen die tyd dat die aansoek gedoen word, die aktiwiteit uitvoer of die diens gebruik, wat die onderwerp van die aansoek



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

is, by ŉ adres of GPS ligging wat anders is as dit wat onder sub-regulasie (c) hierbo verstrek is, verskaf dan daardie ander adres of ligging;

(e) ŉ afskrif van al die betrokke dokumente wat met ŉ kennisgewing in die Staatskoerant kragtens artikel 23 van die Wet gepubliseer is;

(f) ŉ gedetailleerde beskrywing van die aktiwiteit wat wettig uitgevoer is of die diens wat gebruik is onmiddellik voor die implementering van die betrokke vereiste of voorwaarde;

(g) 'n beëdigde verklaring deur die applikant wat bevestig –

(i) of die aansoeker die betrokke aktiwiteit gestaak het slegs as ŉ direkte gevolg van die voldoening aan die vereiste kragtens artikel 23(3)(a) van die Wet toegepas en die datum waarop dit gedoen is;

(ii) die manier en die omvang van die aansoeker se verandering van sy uitvoering van die betrokke aktiwiteit slegs as ŉ direkte oorsaak van die voldoening aan ŉ voorwaarde kragtens artikel 23(3)(b) van die Wet toegepas; of

(iii) die aard en die omvang van die nadelige effek op die aansoeker se gebruik van die diens slegs as ŉ direkte oorsaak van die voldoening aan ŉ vereiste of voorwaarde kragtens artikel 23(3)(a) of (b) van die Wet toegepas;

(h) 'n gedetailleerde beskrywing van enige eiendom of toerusting wat deur die aansoeker besit of gebruik was om die betrokke aktiwiteit uit te voer of die diens waar die gebruik van daardie eiendom of toerusting nadelig geaffekteer is, alleenlik as ŉ direkte gevolg van voldoening aan die vereiste of voorwaarde toegepas kragtens artikel 23(3) van die Wet, met insluiting van volledige beskrywings van –

(i) die toestand van die eiendom of toerusting;

(ii) die mate waartoe die aansoeker die eiendom of toerusting gebruik het om die betrokke aktiwiteit uit te voer of die diens te gebruik;

(iii) die markwaarde van die eiendom of toerusting;

(iv) die geskiedenis van die verkryging of gebruik van die eiendom of toerusting;

(v) die mate waartoe die Staat belê het in, ŉ subsidie verskaf het, of andersins hulp verleen het aan die aansoeker met die verkryging of



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

instandhouding van eiendom of toerusting of om die betrokke aktiwiteit uit te voer; en

(vi) die mate waartoe die eiendom of toerusting nadelig geaffekteer is alleenlik as 'n direkte gevolg van voldoening aan die vereiste of voorwaarde kragtens artikel 23(3) van die Wet toegepas, met inagneming van ander moontlike gebruike van die eiendom deur die aansoeker of 'n derde party;

(i) 'n volledige beskrywing van enige finansiële verlies deur die aansoeker gely as 'n direkte gevolg van voldoening aan die vereiste of voorwaardes kragtens artikel 23(3) van die Wet toegepas, insluitend enige finansiële verlies as gevolg van 'n omskakeling na 'n alternatiewe elektroniese kommunikasiediens omdat die geaffekteerde diens nie langer bruikbaar was nie;

(j) enige ander besonderhede wat betrokke of nodig is vir die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit om -

(i) die aansoek te oorweeg; en

(ii) die vergoedingsbedrag om betaal te word, indien enige, te bereken, insluitend volle besonderhede van die grondslag en metode om al die bedrae te bereken;

(k) 'n volledige opgawe van enige briefwisseling met, en geskrewe vertoë voorgelê aan die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit kragtens artikel 23(3) van die Wet; en

(l) ondersteunende getuienis met verwysing na paragrawe (f) tot (j).

(4) Indien 'n aansoeker vir vergoeding in verband met verskillende aktiwiteite of dienste aansoek doen, moet die aansoeker 'n afsonderlike aansoek met betrekking tot elke aktiwiteit of diens indien.

**4. Verwerking van die aansoek deur die bestuursgesag**

(1) Die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit mag skriftelik sodanige verdere besonderhede van die aansoeker versoek as wat nodig mag wees om die aansoek te oorweeg en die aansoeker moet binne dertig (30) dae na die versoek gestuur is, op die versoek vir verdere inligting reageer.



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(2) Die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit moet OKOSA raadpleeg op elke aansoek ontvang, om vas te stel of die aktiwiteit betrokke in die aansoek om finansiële vergoeding wettig binne die betrokke sentrale astronomievoordeelgebied uitgevoer was onmiddellik voordat die betrokke Spektrum Regulasies uitgevaardig is.

(3) Die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit moet die aansoek, al die betrokke dokumentasie en enige verdere besonderhede deur die aansoeker ingedien, tesame met n aanbeveling deur die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit op die aansoek, na die Minister verwys vir 'n beslissing binne sestig (60) dae vanaf die datum wat die laaste inligting benodig, ontvang is.

(4) Die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit moet –

(a) Binne neëntig (90) dae na die ontvangs van die laaste inligting vir ŉ aansoek benodig, die aansoeker skriftelik van die Minister se besluit in kennis stel en die aansoeker met geskrewe redes vir die besluit voorsien; en

(b) by enige besluit oor die toestaan van vergoeding ŉ aanbod van vergoeding soos deur die Minister bepaal, insluit.

**5. Bepaling van vergoeding deur die Minister**

(1) Indien die Minister besluit dat ŉ aansoeker vergoed behoort te word, moet die bedrag van die vergoeding, en die manier en tyd van betaling daarvan, regverdig en billik wees wat ŉ billike balans tussen die openbare belang en die belange van die geaffekteerde persoon weerspieël met inagneming van al die betrokke omstandighede, insluitend -

(a) die aard en omvang van die aktiwiteit wettig uitgevoer, of die diens deur die aansoeker gebruik onmiddellik voor die inwerkingstelling van die betrokke vereiste of voorwaarde;

(b) die mate waartoe die aansoeker die betrokke aktiwiteit gestaak het, die aard en omvang waartoe die aansoeker sy/haar uitvoering van die betrokke aktiwiteit verander het, of die mate en aard waartoe die aansoeker se gebruik van die diens nadelig geaffekteer is, alleenlik as ŉ



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

direkte resultaat van voldoening aan die vereiste of voorwaardes kragtens artikel 23(3) van die Wet toegepas;

(c) die eiendom of toerusting wat deur die aansoeker besit of gebruik was om die betrokke aktiwiteit uit te voer, of die diens te gebruik en die mate waartoe die gebruik daarvan nadelig geaffekteer is, alleenlik as 'n direkte resultaat van voldoening aan die vereiste of voorwaardes kragtens artikel 23(3) van die Wet toegepas; en

(d) die finansiële verlies deur die aansoeker gely, alleenlik as 'n direkte resultaat van voldoening aan die vereiste of voorwaardes kragtens artikel 23(3) van die Wet toegepas.

**6. Aanvaarding van die aanbod deur die aansoeker**

(1) Binne dertig (30) dae na die ontvangs van die aanbod in subregulasie 4(4)(b), moet die aansoeker die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit skriftelik in kennis stel of die aanbod aanvaar of verwerp word.

(2) Indien die aansoeker die aanbod kragtens subregulasie 4(4)(b) gemaak, aanvaar, moet die betrokke bestuursgesag of mede-bestuursentiteit die aansoeker die bedrag betaal op 'n manier en binne die tydperk waarop daar tussen die aansoeker en die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit ooreengekom is, welke tydperk nie meer as sestig (60) dae na die ontvangs van die kennisgewing van aanvaarding van die aanbod deur die aansoeker mag wees nie.

(3) Die aansoeker mag die Minister se besluit in regulasie 5(1) beoog, in hersiening neem kragtens die bepalings van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000.

**7. Misdrywe en strawwe**

Enige persoon wat hierdie regulasies oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 000 (een miljoen rand) of gevangenisstraf of 'n boete en gevangenisstraf.

**8. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie regulasies heet die Regulasies oor Finansiële Vergoedingsprosedures vir sentrale astronomievoordeelgebiede, 2015, en sal op 'n datum in werking tree om deur die Minister bepaal te word met 'n kennisgewing in die Staatskoerant.



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## SKEDULE D

## REGULASIES OM ELEKTROMAGNETIESE STEURING IN DIE KAROO SENTRALE ASTRONOMIEVOORDEELGEBIED 1 TE BEPERK

## INDELING VAN DIE REGULASIES

1. Woordomskrywings ........ 2
2. Toepassing van die regulasies ........ 5
3. Voorwaardes vir elektriese infrastruktuur ........ 5
4. Bykomende voorwaardes vir elektrisiteitsopwekking deur middel van windturbines ........ 6
5. Bykomende voorwaardes vir elektriese krag distribusie- en transmissiestelsels ........ 6
6. Aansoek en voorwaardes vir 'n permit ........ 7
7. Bepaling van elektromagnetiese uitstralingsvlakke ........ 8
8. Bepaling van minimum skeidingsafstande ........ 9
9. Prosedures om elektromagnetiese steurings op te los ........ 10
10. Ligging van die SKA Virtuele Middelpunt en beskermingsgange ........ 11
11. Misdrywe en strawwe ........ 11
12. Kort titel en inwerkingtreding ........ 11

**Bylae A:** Kaart van die beskermingsgange wat die SKA radio-astronomie stasies binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1 insluit 13

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## 1. Woordomskrywings

In hierdie regulasies tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken–

**"beskermingsgange"** stroke land, naasliggend aan 'n radio astronomiese spiraal arms konfigurasie waar binne SKA-stasies in die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1 geplaas sal word, met 'n wydte van 5 km aan weerskante van elke spiraalarm soos uitgebeeld en omskryf in Bylae A;

**"elektriese krag distribusiestelsel"** ’n stelsel vir elektriese kragverspreiding wat onder 132 kV werk;

**"elektriese krag transmissiestelsel"** ’n stelsel vir elektriese kragverspreiding wat op of bo 132 kV werk;

**"elektrisiteitsopwekking"** die produksie van elektrisiteit op enige manier, insluitend omsitters wat gelykstroom na wisselstroom verander;

**"elektrisiteitstransmissie"** die vervoer van elektrisiteit deur middel van ’n transmissiestelsel vir elektriese kragverspreiding;

**"elektrisiteitsverspreiding"** die vervoer van elektrisiteit deur middel van ’n distribusiestelsel vir elektriese kragverspreiding;

**"elektriese toerusting"** enige elektriese masjinerie, toerusting of toestelle wat gebruik word vir konstruksie, eksplorasie, boerdery, huishouding, vervaardiging, instandhouding, of mynbou doeleindes;

**"elektriese infrastruktuur"** enige infrastruktuur of fasiliteit wat op enige manier gebruik word vir die opwekking van elektrisiteit, die verspreiding van elektrisiteit, die transmissie van elektrisiteit, of vir 'n elektriese krag distribusie- of transmissiestelsel, of elektriese fasiliteite en toerusting gebruik vir enige aanwending uitgesluit elektrisiteitsverspreiding en -transmissie wat bestaan het voor die datum waarop hierdie regulasies is uitgevaardig deur publikasie in die Staatskoerant;

**"elektromagnetiese steuring"** radiofrekwensiesteuring onbedoeld uitgestraal deur elektrisiteitsopwekking installasies, elektrisiteitsverspreiding of transmissie infrastruktuur, en elektriese toerusting, en wat kenmerkend wye dele van die radiofrekwensiespektrum beset;

**"ITU"** die International Telecommunication Union;

**"Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1"** die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1 op 12 Maart 2014 verklaar in Kennisgewing No. 198 in Staatskoerant No. 37434;

**"medebestuursentiteit"** 'n staatsorgaan, 'n plaaslike gemeenskap, 'n individu of 'n ander party met wie die betrokke bestuursgesag 'n medebestuursooreenkoms aangegaan het kragtens artikel 18 van die Wet;

**"Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012"** die regulasies gemaak om die beskermingsvlakke vir radio-astronomie waarnemings in die gebiede wat as astronomievoordeelgebiede vir radioastronomie doeleindes verklaar is, te bepaal en wat op 10 Februarie 2012 in Kennisgewing No. R.90 in Staatskoerant No. 35007 gepubliseer is;

**"radioastronomie stasie"** een of meer ontvangstelsels by 'n plek, insluitend die bybehorende toerusting, vir die ontvangs van radiogolwe van kosmiese oorsprong vir die doeleindes van radioastronomie;

**"radiofrekwensiesteuring"** die nadelige effek van radioseine of elektromagnetiese uitstralings wat ontvang word en die beskermingsvlakke in die Radioastronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012 voorgeskryf, oorskry;

**"SABS"** die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde ingestel deur artikel 3 van die Wet op Standaarde, 2008, (Wet No. 8 van 2008);

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**"SANS"** 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard deur die SABS ontwikkel kragtens die Wet op Standaarde, 2008 (Wet No. 8 van 2008) ontwikkel is en sluit internasionale standaarde in, wat deur die SABS geïnkorporeer is;

**"SKA"** die Square Kilometre Array-radioteleskoop bestaande uit 'n opset van radio-astronomie stasies om in die Republiek van Suid-Afrika en in deelnemende Afrika-lande geplaas te word volgens die besluit van die SKA-Organisasie, 'n private maatskappy (beperk deur garansie) opgeneem in die Verenigde Koninkryk;

**"SKA Virtuele Middelpunt"** die geografiese punt by geografiese koördinate 30.71292 grade Suid en 21.44380 grade Oos wat verband hou met die SKA-opstelling van radioastronomie stasies binne die Karoo Astronomievoordeelgebiede en wat as die middelste Waardebepaling Verwysingspunt voorgeskryf is vir die toepassing van beskermingsvlakke soos in die Radioastronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, bepaal.

**"skeidingsafstand"** die minimum vry afstand tussen enige elektriese infrastruktuur en die naaste SKA Infrastruktuur Grondgebied vereis, ten einde nie die toepaslike beskermingsvlakke in die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, voorgeskryf, te oorskry nie;

**"SKA Infrastruktuur Grondgebiede"** die beskermingsgange in die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1 soos in Bylae A gedefinieer en die sirkelvormige gebied met 'n 20km straal om die SKA Virtuele Middelpunt;

**"Wet op Elektrisiteitsregulering"** die Wet op Elektrisiteitsregulering, 2006 (Wet No. 4 van 2006); en

**"Wet"** die Astronomy Geographic Advantage Act, 2007 (Act No. 21 of 2007);

**2. Toepassing van die regulasies**

(1) Onderworpe aan sub-regulasie 3(3), sal hierdie regulasies van toepassing wees op enige nuwe elektriese infrastruktuur en toerusting binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1.

(2) Indien daar verskille tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes van hierdie regulasies is, sal die Engelse weergawe voorrang geniet.

**3. Voorwaardes vir elektriese infrastruktuur**

(1) Geen persoon mag enige elektriese infrastruktuur en toerusting binne die Karoo Astronomievoordeelgebied 1 oprig, installeer, bedryf of gebruik nie tensy dit aan hierdie regulasies voldoen en die betrokke bestuursgesag ŉ permit daarvoor uitgereik het.

(2) Alle nuwe elektriese infrastruktuur en enige elektriese toerusting wat in verband daarmee gebruik word -

(a) mag nie elektromagnetiese steuring aan die SKA Infrastruktuur Grondgebiede veroorsaak wat die beskermingsvlakke in die Radioastronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, voorgeskryf, oorskry nie, en

(b) moet met ŉ minimum skeidingsafstand volgens regulasie 8 van hierdie regulasies bepaal, van die naaste SKA Infrastruktuur Grondgebied verwyderd wees.

(3) Elektriese infrastruktuur met 'n elektriese kragvermoë van minder as 10 kVA, geleë op 'n afstand van meer as 6 km vanaf die naaste SKA Infrastruktuur Grondgebied, word vrygestel van die vereiste om ŉ permit te verkry en te beskik en om die inligting wat in sub-regulasie 6(2) verlang word, te verskaf tensy daar bevind word dat steuring veroorsaak word.

(4) Elektriese infrastruktuur met 'n elektriese kragvermoë van meer as 10 kVA maar nie meer as 'n 100 kVA nie, geleë op 'n afstand vanaf die naaste SKA Infrastruktuur Grondgebied van meer as dit om deur die Minister voorgeskryf te word vir die verskillende soorte fasiliteite of toerusting, moet 'n permit te bekom, maar word vrygestel om aan sub-regulasie 6 van hierdie regulasies te voldoen onderworpe daaraan dat elektromagnetiese steuring nie veroorsaak word nie.

**4. Bykomende voorwaardes vir elektrisiteitsopwekking deur middel van windturbines**

(1) Bykomend tot die voorwaardes in regulasie 3, mag geen persoon ŉ windgedrewe elektriese turbine-opwekker met 'n kapasiteit van 10kVA of meer binne enige radiosiglyn van die SKA Infrastruktuur Grondgebiede oprig nie.

(2) Om vas te stel of daar ŉ radiosiglyn toestand bestaan, moet ŉ topografiese terreinprofiel geteken word tussen -

(a) die maksimum hoogte bo seevlak van die punt van die turbinelem op die opwekker; en

(b) die grond hoogte bo seevlak plus 15 meter by die naaste punt van enige SKA Infrastruktuur Grondgebiede of enige ander punt binne die SKA Infrastruktuur Grondgebiede indien dit nodig geag word deur die betrokke bestuursgesag as 'n gevolg van die topografie tussenin;

met die gebruik van ten minste ŉ 20 meter resolusie digitale terreinmodel vir die gebied en met inagneming van die grondgeleiding in die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1.

(3) Indien die bepaling in sub-regulasie (2) deur die moontlike gebruik van nie-weerkaatsende turbinelemme beïnvloed mag word, of indien ŉ radiofrekwensiesteuringsbron wat weerkaats mag word, moontlik nie bestaan nie, moet ŉ waardebepaling met berekeninge of metings nogtans uitgevoer word om te bevestig dat die toepaslike beskermingsvlakke soos in die Radioastronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, voorgeskryf, nie oorskry sal word nie.

**5. Bykomende voorwaardes vir elektriese krag distribusie- en transmissiestelsels**

(1) Benewens die voorwaardes in regulasie 3 van hierdie regulasies, mag geen persoon enige nuwe oorhoofse elektriese krag distribusie- of transmissiestelsels oprig of installeer nie met ŉ spanningsvermoë -

(a) gelyk aan of groter as 66 000 Volt binne 16 km van die SKA Infrastruktuur Grondgebiede; en

(b) minder as 66 000 Volt binne 6 km van die SKA Infrastruktuur Grondgebiede.

(2) Ondanks voldoening aan sub-regulasie (1), mag die elektriese krag distribusie- of transmissiestelsel nie elektromagnetiese steuring aan die SKA Infrastruktuur Grondgebiede veroorsaak wat die voorgeskrewe beskermingsvlakke in die Radioastronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, oorskry nie.

**6. Aansoek en voorwaardes vir ’n permit**

(1) ’n Aansoeker vir ’n permit, in subregulasie 3(1) moet sy aansoek by die bestuursgesag of die mede-bestuursentiteit vir die Karoo Sentrale Astronomie-voordeelgebied 1 indien.

(2) Die aansoek in sub-regulasie (1) beoog, moet die volgende bevat-

(a) ’n ontwerpverslag vir die voorgestelde nuwe infrastruktuur en ’n lys van al die elektriese toerusting wat geïnstalleer of gebruik gaan word;

(b) ’n “GIS-shape” lêer of elektronies getabuleerde data van die voorgestelde ligging van die nuwe infrastruktuur, insluitend die hoogte van die grondvlak bo seevlak en die maksimum hoogte van die nuwe infrastruktuur bo grondvlak;

(c) die elektromagnetiese uitstraling bepaal volgens regulasie 3(3);

(d) die nodige minimum skeidingsafstand; en

(e) die lys van geografiese liggings waar daar nie aan die vereiste skeidingsafstand nie aan voldoen word nie.

(3) Die bestuursgesag of die medebestuursentiteit moet die aansoek oorweeg en die aansoeker nie later nie as sestig (60) dae na die ontvangs van die aansoek skriftelik van sy besluit in kennis stel.

(4) Indien die gesag of die entiteit wat die aansoek oorweeg tevrede is dat die elektriese infrastruktuur en enige elektriese toerusting wat in verband daarmee gebruik word aan regulasies 3, 4 en 5 voldoen, moet daardie gesag ’n permit aan die aansoeker uitreik.

(5) As die aansoek nie voldoen aan regulasies 3, 4 en 5 nie, moet die gesag of entiteit die aansoeker toelaat om binne dertig (30) dae vanaf die datum van die versoek, besonderhede te verstrek oor die

beperkingsmetodes wat die aansoeker sal toepas om aan die regulasies te voldoen.

(6) Die betrokke bestuursgesag of entiteit wat die aansoek oorweeg, moet die beperkingsmetodes in ag neem en ŉ besluit op die aansoek neem nie later nie as sestig (60) dae na die ontvangs van die aansoek

(7) As die gesag of die entiteit besluit om die permit toe te staan,

(i) moet die gesag of entiteit die permit uitreik; en

(ii) die permit moet al die voorwaardes insluit waaraan die aansoeker moet voldoen met betrekking tot die elektriese infrastruktuur en die konstruksie, installasie of bedryf daarvan.

(7) As ŉ persoon aan wie ŉ permit uitgereik is sy bedryf staak of ophou om enige elektriese infrastruktuur waarmee die permit verband hou, te gebruik, dan moet daardie persoon binne drie maande na die staking van gebruik of die sluiting, geskrewe kennis daarvan gee aan die gesag of entiteit wat die permit uitgereik het.

**7. Bepaling van elektromagnetiese uitstralingsvlakke**

(1) Vir die doeleindes van hierdie regulasies, moet elektromagnetiese uitstraling bepaal word met verwysing na enige toepaslike SANS standaard of 'n standaard wat kragtens die Wet op Elektrisiteitsregulering voorgeskryf is.

(2) Indien die uitstraling nie bepaal is soos in sub-regulasie (1) beoog nie, of die uitstraling is anders as dit wat in die toepaslike standaard gespesifiseer is, moet 'n gedetailleerde metingsverslag van die werklike uitstralingsvlakke op die toepaslike SANS meetstandaarde gebaseer of 'n metingsverslag van 'n geakkrediteerde metingslaboratorium in Suid-Afrika of in 'n ander land, deur die aansoeker verskaf word aan die gesag of entiteit, tesame met ondersteunende dokumentasie.

(3) Indien 'n toepaslike standaard, soos in sub-regulasie (1) of (2) hierbo beoog, nie beskikbaar is nie of geag om onvanpas te wees deur die betrokke bestuursgesag, en die onderneming om 'n metingsveldtog uit te voer is nie moontlik nie as gevolg van tegniese of ander redes,

dan moet die betrokke bestuursgesag of medebestuursentiteit bepaal watter standaard die mees geskikte is en gebruik moet word.

(4) 'n Geskikte standaard kan ook kragtens artikel 37 van die Wet gevestig word.

**8. Bepaling van minimum skeidingsafstande**

(1) Die bepaling van die minimum skeidingsafstand deur die aansoeker moet deur middel van fisiese metings of gerekenariseerde golfvoortplantingsberekeninge uitgevoer word om die vereiste frekwensie afhanklike verswakking van die elektromagnetiese steuring nodig te bepaal om enige steuring binne die SKA Infrastruktuur Grondgebiede wat die beskermingsvlakke in die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, voorgeskryf, te vermy.

(2) Die verwysingshoogtes vir die metings- of voorspellingsproses is -

(a) die maksimum hoogte bo seevlak van die elektriese infrastruktuur; en

(b) die grondhoogte bo seevlak plus 15 meters by enige toepaslike ligging binne die SKA Infrastruktuur Grondgebiede.

(3) Die bepaling van die skeidingsafstand moet op die volgende kriteria gebaseer wees:

(a) Die betrokke ITU Aanbevelings oor golfvoortplanting.

(b) Die steuringsvlak wat nie vir meer as 5% van die tyd oor 'n tydperk van 24 uur oorskry sal word nie.

(c) Die gebruik van ʼn isotropiese antenne met 0 dB wins by die betrokke punt binne die SKA Infrastruktuur Grondgebiede.

(d) Die gebruik van ʼn digitale terrein model met die beste resolusie beskikbaar.

(e) Die grondgeleiding binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeel-gebied 1.

(f) Die elektromagnetiese uitstralingsvlak volgens regulasie 7 in hierdie regulasies bepaal wat die hoogste steuringsvlak sal veroorsaak.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(4) Die benodigde frekwensie afhanklike verswakking van die elektromagnetiese steuring om gebruik te word om die minimum skeidingsafstand te bepaal, is die verskil tussen die hoogste elektromagnetiese uitstralingsvlak volgens regulasie 7 van hierdie regulasies bepaal wat die hoogste steuringsvlak sal veroorsaak en die toepaslike beskermingsvlak in die Radioastronomie Beskermings-vlakke Regulasies 2012, voorgeskryf.

(5) Die minimum skeidingsafstand moet bepaal word deur die gebruik van die toepaslike ITU Aanbeveling vir radiogolf voortplanting en die benodigde verswakking van die elektromagnetiese steuring in subregulasie 8(4) van hierdie regulasies bepaal.

**9. Prosedures om elektromagnetiese steurings op te los**

In die geval dat elektromagnetiese steuring veroorsaak word deur elektriese infrastruktuur of elektriese toerusting wat vrygestel is van hierdie regulasies kragtens sub-regulasies 3(3) of 3(4) van hierdie regulasies of deur elektriese infrastruktuur of elektriese toerusting waarvoor ŉ permit uitgereik is, as gevolg van foute of beperkings op die akkuraatheid van berekeninge om skeidingsafstande te bepaal, dan sal die volgende kriteria en prosedures van toepassing wees –

(1) Die betrokke bestuursgesag moet 'n volledige metingsverslag aanvra wat op die werklike elektromagnetiese steuringsvlakke volgens die toepaslike SANS meet standaarde gebaseer is, of 'n ander toepaslike standaard soos deur die betrokke bestuursgesag bepaal, wat saam met ondersteunende dokumentasie aan die bestuursgesag of die medebestuursentiteit verskaf moet word deur die persoon wat die eienaar is van die infrastruktuur of elektriese toerusting.

(2) As die persoon wat die eienaar van die elektriese infrastruktuur of elektriese toerusting is, nie in staat is om die verslag te voorsien nie, dan moet die bestuursgesag of die medebestuursentiteit reël dat die metings gedoen word, met die koste daarvan deur die eienaar van die infrastruktuur of elektriese toerusting gedek, om te bepaal tot watter mate die toepaslike beskermingsvlak in die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, voorgeskryf, oorskry word.

(3) Die elektromagnetiese steuring moet verminder tot onder die toepaslike vlak in die Radio-astronomie Beskermingsvlakke Regulasies, 2012, voorgeskryf, deur die vereiste minimum skeidingsafstand daar te stel volgens regulasie 8 van hierdie regulasies of om gepaste beperkingsmaatreëls rondom die bron van die elektromagnetiese steuring te implementeer.

(4) 'n Permit moet word deur die bestuursgesag uitgereik word waarin die voorwaardes vir die voortgesette bedryf van die elektriese infrastruktuur of elektriese toerusting gespesifiseer word.

**10. Ligging van die SKA Virtuele Middelpunt en beskermingsgange**

(1) Die geografiese ligging van die SKA Virtuele Middelpunt is onderhewig aan hersiening en finalisering binne 12 maande na die uitvaardiging van hierdie regulasies.

(2) Die beskermingsgange in die Karoo Astronomievoordeelgebied 1 is onderhewig aan jaarlikse hersiening in ooreenstemming met vordering in die ontwikkeling van die SKA met die doel om hulle uit te faseer en om slegs die beskerming van die radio astronomie stasies binne die gange geleë, te vereis.

**11. Misdrywe en strawwe**

Enige persoon wat hierdie regulasies oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 000 (een miljoen rand) of gevangenisstraf of 'n boete en gevangenisstraf.

**12. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie regulasies heet die Regulasies om Elektromagnetiese Steuring binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1, te beperk, 2015, en sal op 'n datum in werking tree om deur die Minister bepaal te word met ŉ kennisgewing in die Staatskoerant.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## BYLAE A

### Kaart van die Beskermingsgange waarin die SKA Radio-astronomie Stasies binne Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebied 1 geleë is

Die kaart hieronder beeld die 20-kilometer straal sirkel rondom die SKA Virtuele Sentrum uit, waarbinne ongeveer 173 SKA radio-astronomie stasies geplaas sal word. Die kaart toon ook drie beskermingsgange wat nodig is vir ongeveer 24 SKA radio-astronomie stasies binne die Karoo Sentrale Astronomievoordeelgebiede 1 geleë. Die beskermingsgange word benodig vir die SKA-opset ontwikkelingsproses met die verloop van tyd.

ʼn Kleiner skaal weergawe van die kaart hieronder en / of 'n GIS-vorm lêer is op versoek beskikbaar van die bestuursgesag of mede-bestuursentiteit. Die buitegrense van die gange is op ʼn afstand van 5 km aan weerskante van die spiraal arms waarlangs die SKA-stasies geplaas sal word.

